basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 33 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "oupa Thomas Daniel Granfield" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Versagtende omstandighede" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 3. "Wie's Hy?" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| 4. "Die sagte sprong" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "sondagmiddag ná ete" | Kontekstuele vraag | 10 | 12 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 18 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 18 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 27 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 27 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 31 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 31 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**oupa Thomas Daniel Granfield – Ronelda Kamfer**

dit is vandag my oupa Thomas
se verjaardag
dit sou gewees
het
hy is dood
toe ek in matriek was
dit is al wat ek regtig van
matriek kan onthou

die oggend toe die telefoon lui
het my ma nie kom sê nie
sy en my pa het opgestaan
en is weg hospitaal toe

al die grootmense my oupa se kinders en hulle
mans en vroue is hospitaal toe

ek wou saamgaan
ek wou net my oupa
belowe dat ek okay sou wees
dat ek eendag 'n boek gaan skryf
en hom nooit sal vergeet nie en
dat ek die liefste vir hom was

my ma het 'n paar uur later
gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak
sy het niks gesê van my oupa nie
haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg

en ek het gewag vir iets
vir Pappa is dood
of dis verby of hy's oorlede
maar sy't aanhou praat oor kos
toe ek haar uiteindelik stop en vra
het die vlermuise aanhou vlieg

"ja, vroeg vi-oggend"

2

die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie
maar
dat die aarde aanhou draai het
dat ek aanhou leef het
dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is
dat ek kon slaap en wakker word
matriek slaag en aan 'n toekoms dink
die ergste van alles was dat ek alles kon doen wat
ek moes doen
en al wat ek regtig wou doen was om te huil
ek wou dae aaneen huil
ek wou sy leeftyd uithuil
ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees
ek wou huil oor die onregverdigheid
en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my

[Bron: *grond/Santekraam*, 2011]

In die gedig word herhaling en wisselende strofelengtes ingespan om die spreker se emosies oor te dra.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Versagtende omstandighede – Peter Snyders**

Oe Here, ek hoor dis soe wonnerlik
    innie hiemel,
maa Here, vergiewe,
die hiemel issie my soort liewe,
ek hou van sing en harpmusiek
maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.

En Here, dit sal hel vi my wies
om met niks-doen myself elke dag te vervies;
en sover dit die goudstrate
    en pearly-gates betref,
wat baat dit?
Klip en teer is veels meer werd.

Maa Here, hou my baas asseblief tog daa
want waa hy nie kan exploit nie
is hy tog te naar;
en hou hom dop want sonner om te aarsel
sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.

Ja, Here, ekket my foutjies oek
en waar amil perfek is
sal ek heeldag vloek,
want volle perfection en contentment
sal my torture tot binne-in my fonnement.

En dan boenop hoor ek
seks is yt –
soe stuur my aire hel toe
of waar ek my talent kan gebryk.
En as ek te goed is
om gebraai te word
laat my liewerste trug kom, Lord

    as kunstenaar na 'n land
in 'n historiese tyd –
soes Suid-Afrika,
waar ek kan teer
op 'n tesamebeleid.

En tussen die revolutions
(hou my aanie underdog se kant)
sorg dat ek by Florrie
(vroeër mevrou Soetwater)
voorit te laat is, beland.

Laat my dan liewer hier
oppie aarde ly
as om vir iewag in u
grafstienhiemel te bly.

[Bron: *'n Waarskynlike mens*, 1992]

2.1 Waarna verwys die gedigtitel? (1)

2.2 Wat word met die gebruik van die "Oe" in versreël 1 bereik? (1)

2.3 Wat is die funksie van die vraag in versreël 11? (1)

2.4 Benoem die stylfiguur wat in versreël 18 voorkom en sê wat deur die gebruik van "foutjies" geïmpliseer word. (2)

2.5 Watter stemming heers in versreëls 23 tot 29? Gee EEN bewys uit dié versreëls om jou antwoord te motiveer. (2)

2.6 Herlees versreëls 40 tot 43.

2.6.1 Wat word 'n vierreëlige strofe genoem? (1)

2.6.2 Stem jy saam dat hierdie versreëls die gedig op 'n ironiese wyse afsluit? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Wie's Hy? – Adam Small**

Die poet,
wie's hy?
Djulle het so baie bek oorie poet,
ma wié's hy?
Is hy rêrag soes djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink?

Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets,
djulle wat inni straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sien
en soema net daa God tien hulle roep!

[Bron: *Sê Sjibbolet*, 1963]

3.1 Waarom word die titel twee keer in die gedig herhaal? (1)

3.2 Die gedig word inhoudelik én tipografies verdeel. Motiveer die stelling deur na albei aspekte te verwys. (2)

3.3 Wat word bereik met die gebruik van Kaapse Afrikaans? (1)

3.4 Identifiseer die sinekdogee in versreël 13 en dui aan of dit hier 'n geslaagde stylfiguur is. Motiveer jou antwoord. (2)

3.5 Herlees versreëls 11 tot 15.

3.5.1 Watter TWEE boodskappe dra die spreker oor om die algemene indruk oor digters verkeerd te bewys? (2)

3.5.2 Gee die spreker vir die "poet" 'n verantwoordelikheid volgens versreëls 13 tot 15? Motiveer jou antwoord. (1)

3.6 Word die woorde in versreël 8 en 9 in versreëls 11 tot 15 gemotiveer? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die sagte sprong – Sheila Cussons**

Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: 'n aanraking van die verstand
lig soos 'n veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
: Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet u vasvat wees?

[Bron: *Die sagte sprong*, 1979]

4.1 Vervang die (eerste) "Dit" in versreël 1 met vier opeenvolgende woorde uit versreëls 1 tot 3. (1)

4.2 Is die gebruik van die leestekens in versreël 7 en 8 funksioneel? Motiveer jou antwoord met 'n rede vir elke reël se leesteken. (2)

4.3 Die gedig bevat inhoudelik kontraste en ooreenkomste.

4.3.1 Versreëls 1 tot 6 kontrasteer inhoudelik met versreëls 7 tot 11. Motiveer die stelling met TWEE redes. (2)

4.3.2 Die vergelykings wat in versreëls 1 tot 6 en versreëls 7 tot 11 gebruik word, hef 'n ooreenstemmende eienskap uit. Noem dié eienskap. (1)

4.4 Waarom eindig die gedig met 'n vraag? (1)

4.5 Wie is die aangesprokene in versreël 11? (1)

4.6 Benoem die beeldspraak in die titel en dui aan waarna die spreker met dié beeld in die gedig verwys. (2)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**sondagmiddag ná ete* – Pieter Odendaal**

binne slaap die ouers en iemand kyk tv
swaels soek skuiling teen die wind
hulle kompasse ken die strome
ook die weerdiens het buie voorspel

twee oorskiet-tjoppies, 'n laaste skep slaai
en die borde val grond toe
messe en vurke klater
die tafeldoek waai weg

ons labrador rek sy neusgate
en grom onseker vir die wolke
wat grys getrein aanstorm

maar ons slaap ongeërg
want die werf is klein en afgekamp
en ons het 'n swembad

net die hond en die digter
bly onrustig boontoe kyk

* *In dié gedig wys die spreker op die mens se disrespek vir en losgemaaktheid van die natuurelemente wat hom/haar aan die lewe hou.*

[Bron: *Asof geen berge ooit hier gewoon het nie*, 2018]

5.1 Hoe weet jy dat die titel nie op 'n spesifieke "sondagmiddag" dui nie? (1)

5.2 Benoem die halfrym/klankeffek in versreël 2 en gee die funksie daarvan in hierdie spesifieke versreël. (2)

5.3 Herlees versreëls 9 tot 11.

5.3.1 Benoem die stylfiguur in versreël 10. (1)

5.3.2 Watter beeldspraak kom voor in "... die wolke wat grys getrein aanstorm"? (1)

5.3.3 Dink jy die beeld wat in versreël 10 en 11 gebruik word, is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.4 Haal die versreël uit versreëls 9 tot 16 aan waarmee die spreker die rede vir die mens se belangeloosheid by die reën gee. (1)

5.5 Herlees versreël 15 en 16.

5.5.1 Wat word 'n tweereëlige strofe (versreël 15 en 16) genoem? (1)

5.5.2 Pas die bou en die inhoud van dié versreëls by mekaar? Motiveer jou antwoord. (1)

5.6 Watter boodskap dra die spreker met hierdie gedig aan jou oor? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Eers wanneer Iris vrede met haar naam maak, assosieer sy met die kwart-voor-sewe-lelie.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

Hy het ons hande gelig tot ongeveer een sentimeter van sy lippe en "Enchante" geprewel. Ek kon Ma se knieë hoor swik en <u>ek self het besef Eduard was meer as net 'n fiktiewe maaksel</u>. Pa het min gesê, maar sy stilte was nie vyandig nie. Johanna het klong uit haar woordeskat geskrap.

Ek dink Ma en Claude het so goed klaargekom omdat hulle 'n eenderse uitkyk op die lewe gehad het. Sy was geen Pollyanna nie; sy het nie blindelings en teen alle bewyse in geglo dat die wêreld 'n goeie plek is en mense almal edel van inbors nie; dit was bloot dat sy die lewe vir haarself vereenvoudig het. Wat sy nie kon begryp of verander nie, het nie bestaan nie. Moordenaars en psigopate was oor dieselfde kam geskeer as verspotte wette en regulasies en het in die wêreld, soos sy dit ervaar het, geen bestaansreg gehad nie.

Toe ek nog op skool was, het Pa een wintervakansie gaan jag en was ons alleen. Ma het in die middel van die nag wakker geword van 'n geluid in die sitkamer en toe sy daar kom, was 'n inbreker besig om die platespeler te diskonnekteer.

"Nee, nee," het sy gesê. "As jy dit doen, sal dit nie meer speel nie. My dogters sal baie omgekrap wees." Onder haar besorgde oë het hy die drade teruggesit waar dit moes wees, sy leë tas opgetel en geloop. Ma en die stertkwispelende Polder, toe nog 'n jong hond, het saamgestap en die hekkie agter hom toegemaak.

7.1 Gee 'n rede waarom Claude se andersheid binne die Suid-Afrikaanse milieu 'n probleem kan veroorsaak. (1)

7.2 Wat impliseer Iris met die onderstreepte woorde in reël 2 en 3? (1)

7.3 Kara het 'n verhouding met Claude.

7.3.1 Watter rede voer Elsa aan waarom sy Kara en Claude se verhouding nie goedkeur nie? (1)

7.3.2 Is Elsa se siening van Kara en Claude se verhouding onnodig negatief? Motiveer jou antwoord. (1)

7.3.3 Dink jy Elsa se uitspraak oor Kara en Claude se verhouding is ironies? Motiveer jou antwoord. (1)

7.4 Watter ander karaktereienskap van Pa, 'n introvert, kan jy aflei uit die feit dat hy min praat? Gee 'n voorbeeld uit die roman wat bewys dat hy, ná sy aftrede, aan hierdie karaktereienskap getrou bly. (2)

7.5 Wat doen Johanna wat haar meerderwaardigheid teenoor Claude aandui? Waarop dui haar latere versoek dat Ma vir haar 'n Franse kookboek moet koop? (2)

7.6 Johanna is deel van Iris en haar gesin se lewe.

7.6.1 Watter rol speel Johanna in Iris se lewe? (1)

7.6.2 Sou dit 'n invloed op die afloop van die roman hê indien Johanna nie in Iris se lewe betrokke was nie? Motiveer jou antwoord. (1)

7.7 Herlees reëls 15 tot 18.

7.7.1 Watter stemming heers in hierdie reëls? (1)

7.7.2 Noem nog DRIE geleenthede waar Ma se optrede tot dieselfde stemming bydra. (3)

**EN**

**TEKS B**

"En nou?" het Joe gevra.

"Nou groet ons."

Joe het sy skouers opgehaal. "Waar kan ek jou kontak?" Ek het die naam van my hotel genoem en in die verte gestaar sodat hy kon sien ek is klaar gesels. Met 'n effense buiging het hy toegegee, rats oor die reling gespring en weggeloop tussen die voetgangers.

"Dit moes jy nie gedoen het nie," het die man langs my deur 'n mond vol kos gesê.

"Wat moes ek nie gedoen het nie?"

"Jou adres gegee het."

Ek het verlangend na die halfgeëte hamburger in sy hand gekyk. "Waar het jy dit gekry?"

Hy het sy kop geknik in die rigting van 'n karretjie wat in 'n stoomwolk gehul onder 'n blou en rooi sambreel gestaan het. Ek het geld uit my handsak gehaal en wou net opstaan toe hy dit by my vat. "Dieselfde?" het hy gevra en sy eie broodjie in die lug gehou.

"Asseblief."

Toe ons weer langs mekaar sit, het hy met die agterkant van sy hand oor sy mond gevee en na my gekyk. "Ken jy hom?" het hy verbaas gevra.

Ek het my storie vertel.

"En jy was dan so bang om vermoor te word?" het hy gesê. "<u>En dan foeter jy saam met die eerste die beste man wat jou optel</u>. Waar is jou kêrel?"

"Vasgevang in die sneeu. En ek moes stewels kry," het ek myself verweer.

"En die foto's? Wat gaan hy met die foto's maak?"

Ek het gesug. "Ek weet nie."

7.8 Iris ontmoet vir Joe in New York.

7.8.1 Uit watter verleentheid red Joe vir Iris tydens hulle eerste ontmoeting? (1)

7.8.2 Watter rol speel Joe as newekarakter in die roman? (1)

7.9 Iris ontwikkel in New York 'n besondere verhouding met die taxibestuurder, Billy.

7.9.1 Wat erken Iris ten opsigte van haar lewensuitkyk teenoor Billy? (1)

7.9.2 Tree Billy as vreemdeling positief teenoor Iris op? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

7.10 Waarom is die onderstreepte woorde van Billy (reël 21) ten opsigte van Iris en Peter se verhouding waar? (1)

7.11 Waarom is Iris se huwelik met die "kêrel" (reël 22) 'n antiklimaks? (1)

7.12 Herlees TEKS A reëls 15 tot 18 en TEKS B reëls 17 tot 19.

7.12.1 Watter ooreenstemmende karaktereienskap toon Ma en Iris? (1)

7.12.2 Noem TWEE geleenthede uit die roman wat hierdie karaktereienskap by Iris bewys. (2)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

In *Manaka, Plek van die horings*, inspireer Dennis Chipman – die oupagrootjie – baie van Baas se aksies sedert sy kinderjare.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."

Meneer Johnnie bêre die dryfas onder die seil waar die bootmateriaal is. Hy vra of daar nog iets is wat hy kan doen.

Baas verwilder hom.

Grace se vingers vleg vinniger. "Die man wat nou hier voor my staan en praat, is 'n ander man," sê sy toe die klein mannetjie met sy skouer teen die reën van Manaka af weg loop. "As jy nie weet wie jy kan slegsê en wie nie, sal jy nie jou pontboot klaarmaak nie. Ook nie die werk waarvoor jy hiernatoe gestuur is nie."

"Ek is nie hiernatoe gestuur nie. Ek is op my eie hier. Hou nou op met hierdie deuntjie en sê my: Watter belang het jy by my? Wat wil jy van my hê?"

"Ek wil jou help. Jy het my lewe gered."

"Moenie dink ek is ondankbaar ná alles wat jy vir my gedoen het nie. Maar ek sal dit waardeer as jy nie verder vir my wys jy is dankbaar dat ek jou lewe gered het nie."

"Dit kan miskien 'n week wees, dan is jou gedagtes weer net so sterk soos toe jy teen die siekte baklei en gewen het. As jy nie die saak met meneer Mosko en met die khuta regmaak nie, sal dit 'n moeilikheid wees wat by jou sal bly wanneer jy al lankal gesond is."

"Ek sal my eie probleme oplos, dankie."

9.1 Wat is Grace besig om te vleg (reël 6) en waarom vleg sy dit? (2)

9.2 Dink jy dit is reg dat Baas sy woede op Grace uithaal? Motiveer jou antwoord. (1)

9.3 Watter ander persoon het herhaaldelik aan Baas genoem dat hy met 'n doel Manaka toe gestuur is? (1)

9.4 Noem DRIE waardevolle feite oor die Lozi-tradisies wat Baas en die sendelingpaar op Manaka leer. (3)

9.5 By watter tema van die roman sluit Baas se onderstreepte woorde in reël 10 aan? (1)

9.6 Herlees reël 12.

9.6.1 Waarom sê Grace hierdie woorde vir Baas? (1)

9.6.2 Het Grace tot in hierdie stadium op Manaka haar dankbaarheid op 'n sinvolle manier teenoor Baas bewys? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

9.7 Reëls 16 tot 18 verwys na die khuta.

9.7.1 Hoekom veroorsaak die khuta dat Baas by sy volgende ontmoeting met hulle besluit om Manaka te verlaat? (1)

9.7.2 Watter invloed het dié besluit van Baas (VRAAG 9.7.1) op die onmiddellike toekoms van die sendingstasie op Manaka? (1)

9.8 Herlees Baas se woorde in reël 19.

9.8.1 Watter TWEE karaktertrekke van Baas kan jy uit sy woorde aflei? (2)

9.8.2 Hoekom is hierdie woorde van Baas ironies? (1)

**EN**

**TEKS D**

"Bolena!" sê Baas in die taal van die maats uit sy kindertyd. "Le a tshwenya!"

"Wat sê jy?" vra ouma Essie verontwaardig.

"Julle! Julle pla!" vertaal Baas.

"Dis nie nodig om vir my te sê wat jy gesê het nie! Dis nie ons wat jou pla nie. Ke Modimo, lesogana. Dit is die Here, jongman," sê sy in die taal van haar kinderjare.

Baas onthou die dag onder die worsboom, ná die vergadering met die sendelinge, toe dit gelyk het of ouma Essie se kierie nie sterk genoeg is nie en hy haar opgehelp het. Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy daardie dag gesê.

Ouma Essie stuur Grace om Griesel en meneer Johnnie te gaan roep. Baas sit die vasmaaktoue vir die kerk se balke op die Land Rover. Die honde loop druipstert terug na hulle koelteplekke toe. Hulle weet hulle gaan nie saam nie.

Met die vat van die winter leer Baas en ouma Essie vir Grace biltong maak. Die blouwildebeestroppe wat noordwaarts trek vir hulle jaarlike migrasie op die vloedvlaktes van Liuwa, word meer. Tussen die hoekbakens kom ook die koppe van 'n swartwitpens, 'n bastergemsbok, 'n waterbok en 'n koedoebul met 'n volle twee en 'n halwe draai in sy wye horings.

Wanneer die tyd vir jag min is, karwei Grace vir Baas met haar mukolo oor die rivier waar die rietboktroppe langs die inhamme en systrome loop. Die vleis word stuk-stuk oor die stiller water geroei.

9.9 Waarmee is Baas besig toe ouma Essie hom kom pla? (1)

9.10 In watter TWEE opsigte is die worsboom (reël 6) vir Baas 'n skakel met sy oupagrootjie? (2)

9.11 Sou dit die verloop van die roman beïnvloed as ouma Essie (reëls 6 tot 9) nie by Baas betrokke geraak het nie? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

9.12 Herlees TEKS C reëls 13 en 14 en TEKS D reëls 18 tot 20.

9.12.1 Watter karakterontwikkeling vind by Baas plaas vanaf TEKS C tot TEKS D? Noem TWEE aspekte. (2)

9.12.2 Om watter TWEE redes vind hierdie karakterontwikkeling plaas? (2)
**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Omdat Sus Bet, Oom Chai en Kenneth Kleinhans omgeemense is, verbeter hulle die lewe van die Vatmaar-inwoners.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

Om 'n lang storie kort te maak: Oom Chai het teruggekom Vatmaar toe met 'n pragtige meisie, Bettie, en 'n babaseun van agtien maande. Bettie was kort en nie dik nie. Sy het die lyf van 'n jong meisie gehad, wat sy ook was. Sy het 'n meisiestem, swart hare en bruin oë gehad, en 'n gesig vol fyn sproetjies.

Later het ons gehoor die kind se pa is een van Oom Steven se seuns, 'n getroude man met kinders. Bettie was 'n weeskind en sy het vir die vrou in die kombuis gewerk.

Ons het nooit geweet wat gebeur het en hoe dit gebeur het nie. Oom Chai het glo net die baba opgetel en die kind het van hom gehou, 'n ding wat hom nog nooit vantevore oorgekom het nie. Omdat hy nie 'n erfgenaam gehad het nie, het Oom Chai se mense geweet hy is 'n welaf oujongkêrel van Vatmaar. Hulle het bymekaargekom om die onaangenaamheid in die familie te bespreek, <u>en na hulle hom 'n gat in die kop gepraat het, het hy ingestem om Bettie en die babaseun saam met hom terug te vat</u>.

Toe hulle vir Bettie sê die oujongkêrel is welaf en hy wil haar met hom saamvat om 'n vader vir die babaseun te wees, het sy ja gesê: Ja, maar hy moet eers met my trou.

En sy wou ook nie in die kerk trou nie maar met 'n spesiale lisensie voor die magistraat, sodat sy die mense op Vatmaar die papier kon laat sien wat sê sy is oupa se wettige vrou.

11.1 Met watter spesifieke doel gaan Oom Chai Vrystaat toe? (1)

11.2 Gee TWEE redes waarom die huwelik met Bettie vir Oom Chai 'n antiklimaks is. (2)

11.3 Noem DRIE faktore wat daartoe bydra dat Oom Chai se verjaardag so feestelik is. (3)

11.4 In reëls 7 tot 9 blyk dit dat Oom Chai 'n slag met kinders het.

11.4.1 Hoe lewer Oom Chai 'n positiewe bydrae tot die vestiging van Afrikaans? (1)

11.4.2 Lewer Oom Chai 'n bydrae tot die opvoeding van die kinders van Vatmaar? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

11.5 Herlees die onderstreepte sinsdeel in reël 11 en 12.

11.5.1 By watter tema van die roman sluit die onderstreepte sinsdeel aan? Noem nog TWEE temas in die roman wat op Oom Chai betrekking het. (3)

11.5.2 Dink jy Oom Chai se rede vir die huwelik is opreg? Motiveer jou antwoord. (1)

11.6 Gee TWEE redes waarom Oom Chai ryker as die ander Vatmaar-inwoners is. (2)

**EN**

**TEKS F**

Die jong mense het 'n nuwe paaitjie verby Oom Chai se agterdeur na die halfway-house toe uitgetrap. Met die verbygaan het hulle stadiger geloop om te kyk of hulle Bettie kan sien of om haar te groet en 'n paar woorde te praat. Na 'n ruk het die bicycle-ryers ook dié kortpaaitjie gebruik en <u>Oom Chai het snags pendorings in die middel van die paaitjie geplant om hulle wiele te puncture</u>.

Sy grootste fout was om 'n gramophone te koop, want daarna was die voorkamer al voor sononder vol jong mense. Hulle het daarvan gehou om met Job, die kleintjie, te speel, en partykeer het hulle vir Bettie gesê hy lyk nes Oom Chai – wat waar was, want dieselfde bloed het in hulle se are gevloei.

Oom Chai wou altyd 'n gentleman wees. Hy het die deur vir Bettie oopgehou. As die tee ingebring is, het hy haar koppie eerste van die skinkbord getel en vir haar gegee. Maar wat sy nie kon verdra nie, was dat as sy op 'n stoel gesit het en daar was jong manne in die buurt, hy haar roksoom afgetrek het asof hy nie wou hê hulle moet haar knieë sien nie. As hy dan weg was, het die kêrels met hulle oë vir haar gewys sy moet die rok weer opskuif.

Dit was nie lank voor Oom Chai nie meer die laat nagte kon vat nie. Want sy lyf was nou eenmaal 'n ou lyf, en hy wou elke dans met sy vrou dans. Hy het nie daarvan gehou dat die seuns met haar dans nie.

11.7 Watter skinderstorie oor Oom Chai se voorkoms hou verband met sy liefde vir Bettie se kind, Job? (1)

11.8 Hoe word die leser se siening van Oom Chai deur die onderstreepte sindeel in reël 4 en 5 beïnvloed? (1)

11.9 Hoekom is Bettie se reaksie op Oom Chai se gentleman-maniere (reël 10) ironies? (1)

11.10 Hoe dra Boitjie, een van Vatmaar se inwoners, by tot innerlike en uiterlike konflik by Oom Chai? (2)

11.11 Sou dit 'n verskil aan die afloop van Oom Chai en Bettie se huwelik gemaak het indien Oom Chai nie die gramophone gekoop het nie? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

11.12 Herlees TEKS E reël 13 en 14 en TEKS F reël 10 en 11.

11.12.1 Tot watter TWEE insigte kom Oom Chai oor sy verhouding met Bettie? (2)

11.12.2 Hoe dra Bettie daartoe by dat Oom Chai van sy vriende vervreemd raak? (1)

**[25]**

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Die titel, *Onderwêreld*, is op verskillende aspekte van Greg se matriekjaar van toepassing.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde deur na Greg te verwys. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

"Nicksie, ek moet nou gaan," keer ek haar in die middel van 'n sin. "VRL-vergadering." Vreemd hoe die leuens nou so maklik kom.

Ek sit in my kamer. Kyk net na die muur oorkant my asof dit die antwoord hou vir die gemors waarin ek myself laat beland het.

Die polisie het toe niks in die stormwaterpype gekry nie. Nie waarvan ek weet nie, altans. As daar iets was, sou die storie al in die koshuisgange rondgeloop het.

'n Klop aan die deur. Kwanele.

"Kwanele, ek kan nie nou nie."

"Just give me a moment." Hy staan vas in die deur.

"Kom in," sug ek.

"There are lots of rumours going around." Hy haal diep asem. Sy gesig ernstig. "I don't know what is true and what is not. And I know we haven't been getting along. But if you need any help – anything – you've got my support. That's what we promised each other when we were Trappers. I keep my promises. Always. Okay?"

Ek knik. "Thank you, Kwanele. I appreciate it. Really." Ek voel soos 'n weggooihond toe hy loop.

Ek is vrek bang, maar ek weet ek moet die een of ander tyd huis toe bel. Ek sit seker 'n halfuur lank met my selfoon in my hand, my ma se nommer op die skerm, maar ek druk nie die groen knoppie om die konneksie te maak nie. My hand bewe. My hart ook. Ek wil my ma nie teleurstel nie. Sy het soveel hoop vir my; 'n anderste hoop as my pa.

13.1 Herlees reël 3 en 4.

13.1.1 Watter "gemors" in Greg se matriekjaar veroorsaak dat hy vir die eerste keer 'n wiskundetoets druip? (1)

13.1.2 Is Greg reg as hy voel hy het homself in die "gemors" laat beland? Motiveer jou antwoord. (1)

13.1.3 Watter moontlike gevolg hou hierdie "gemors" vir Greg se pa in? (1)

13.2 Herlees reël 5.

13.2.1 Waarom is die stormwaterpype/waterafvoerpype belangrik vir die behoud van Lawson Kollege se tradisie? (1)

13.2.2 Hoe dra die stormwaterpype/waterafvoerpype tot Eckardt se verdwyning by? (1)

13.3 Watter rol speel die newekarakter, Kwanele, in reëls 7 tot 10? (1)

13.4 Watter DRIE karaktereienskappe van Kwanele kan jy uit sy woorde aan Greg in reëls 9 tot 14 aflei? (3)

13.5 Herlees reël 20.

13.5.1 Watter verskillende verwagtinge het Greg se ma en sy pa onderskeidelik vir hom? (2)

13.5.2 Op watter TWEE maniere beïnvloed die omstandighede in die ouerhuis mev. Owen se verwagting van Greg? (2)

13.6 Watter DRIE feite deel Greg met sy ma as hy haar uiteindelik skakel? (3)

13.7 Sou dit die afloop van die roman beïnvloed indien Greg vir sy ma in hierdie stadium al die inligting oor Dok Pienaar vertel het? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS H**

Dit is die wêreld waarin ons nou leef – en sterf. Mense dink dit is net politici wat nie hul hande van geld kan afhou nie. Dat mense net met gewere en geweld vermoor word. Maar agter die blink glasmure van party maatskappye skuil die skimme van die white collar crime.

"Ek moet jou pa bel," sê Ma aan die etenstafel. Sag. Haar skouers bewe, sak vorentoe. Ek weet hy gaan haar verkwalik as sy dit nie doen nie. Hoe jammer kry ek haar nie, om staande te probeer bly teen Pa se woorde. Sy het haar oudste seun verloor, maar sy bly op haar voete. Sy hou haar ken hoog as sy tussen mense kom. Hulle weet nie hoe naby haar pyn nog lê nie. Maar ék weet. Ek sien hoe sy eintlik regtig huil, skuldig voel, as sy voorgee sy lag. Ek kan nie anders as om te wonder wat sy maak met daardie seer as niemand kyk nie.

"Dis oukei," sê ek. "Bel hom." Pa moet tog ook hiervan weet. Dis onregverdig om die ding langer alleen op my ma te pak en te verwag sy moet dit óók dra.

Daardie aand, alleen in my kamer, bel ek vir Nicole.

"Nicksie, ek is lief vir jou," sê ek. En toe vertel ek ook die res.

Die volgende oggend aan die ontbyttafel lyk my ma rustiger. Sy vat my hand. Druk dit, glimlag. Ek voel ook beter omdat ek weet dinge is nou nie meer in mý hande nie.

13.8 In watter ruimte bevind Greg en sy ma hulle in TEKS H? (1)

13.9 Herlees reëls 1 tot 4.

13.9.1 Dink jy 'n mens kan, na aanleiding van hierdie reëls, vir Greg daarvan beskuldig dat hy onnodig negatief oor die wêreld is? Motiveer jou antwoord. (1)

13.9.2 By watter tema sluit hierdie reëls aan? (1)

13.10 Watter TWEE maatskappye word in reël 3 geïmpliseer? (2)

13.11 Herlees reël 17.

Stem jy saam dat hierdie gevoel van verligting wat Greg ervaar, ironies is? Motiveer jou antwoord. (1)

13.12 Herlees TEKS G reël 2 en TEKS H reël 15.

13.12.1 Greg vertel sy leuens in TEKS G "maklik". Watter waarheid oor Dok Pienaar vertel hy, volgens jou, hier (TEKS H reël 15) vir Nicole? (1)

13.12.2 Sluit dié waarheid (VRAAG 13.12.1) by die skool se leuse aan? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Mister Cavernelis, Map Jacobs en Willy la Guma reageer verskillend op die omstandighede wat in die township heers.

Bespreek elkeen se handelinge/reaksies in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| TWEE: | O! *(Dan aan EEN.)* 'Is die Star of the Redemption! Hulle practise al vir Krismis! Dan loep hulle mos! |
| EEN: | Star of the wát?! |
| DRIE: | Redemption, man! |
| 'N ANDER: | Star of the Redemption ... |
| EEN: | O! Maar hulle practise darem vroeg al vi'jaar! |
| DRIE: | Well, Oompie Paulsen wil hê al die koppe moet hulle kant toe kom vi'jaar ... |
| STEM: | Seker so ... |
| | *Die orkes speel. Die mense praat.* |
| | *Die lig verander. Blanchie verskyn, mooi aangetrek, op pad uit. Ons sien vir Maud by 'n venster bo, van waar sy na onder loer.* |
| TOMMY: | Hello, Blanchie. |
| BLANCHIE: | *(traag om hom te groet)*: O, hello, Tommy ... |
| TOMMY: | Ek sê, Blanchie, jy moet maar yt-watch, jong. |
| | *Sy antwoord hom nie, stap verby.* |
| | *Die orkes stem instrumente op die agtergrond. Die kerrimspelers giggel en raak moveerderig met Blanchie wat straataf beweeg.* |
| TOMMY: | Sorry, Blanchie, ek't dit nie so ge-bedoel nie, man ... |
| CYRIL: | Stýle, nè, sy't darem stýle, sê'k nie! |
| RICHIE: | Lekke'! |
| | *Blanchie verdwyn.* |
| CYRIL: | Have a nice time! ... |
| | *Hulle speel*. |
| CYRIL: | Seker weer op pad wêk toe! ... |
| | *Speel*. |
| CYRIL: | Wêk toe! Sê'k nie! Lonely hearts! Massage parlour! Fancy names! |
| RICHIE: | Okay, man ... |

| | |
|---|---|
| TOMMY: | Hoe mien julle? |
| CYRIL: | Jy wiet mos, man, hoe act jy so of jy ignorant is? |
| TOMMY: | Nei, hoe mien jy? |
| CYRIL: | Okay, hoe kom jy dan nou so vir haar op? Hè? |
| | *Stilte*. |
| CYRIL: | Omdat Map Jacobs nou ytkom en ammal moet nou beginne cover-up!? |
| TOMMY: | Moet nou nie mean wies nie, man ... 'is nie onse biesagheit nie ... |
| CYRIL: | Aag, Tommy, jou ou skinnerbek! Come off it, man! *(Lag.)* 'Is like nie jou biesagheit nie, imagine! |
| RICHIE: | Maar daai's nou nie nodig nie, man ... Los 'it af ... |
| CYRIL: | What for? |
| TOMMY: | Los 'it af, ja ... |

15.1 Wie het voorheen die saksofoon in die Star of the Redemption bespeel? (1)

15.2 Gee TWEE redes waarom die naderende "Krismis" so vroeg in die drama genoem word. (2)

15.3 Die orkesnaam word in reëls 1 tot 5 genoem.

15.3.1 Stem jy saam dat die herhaling van *"Redemption"* (reël 4) met betrekking tot die orkes se naam effektief is? Motiveer jou antwoord. (1)

15.3.2 Waarom is die orkeslede van *"Star of the Redemption"* se optrede teenoor Map, ná afloop van sewe jaar in die tronk, ironies? (1)

15.4 Herlees die skuinsgedrukte woorde in reëls 10 tot 12.

15.4.1 Wat noem 'n mens die skuinsgedrukte woorde? (1)

15.4.2 Gee TWEE funksies van dié kursiefgedrukte woorde. (2)

15.5 Watter handeling in reëls 10 tot 16 suggereer dat die Cavernelis-gesin dink dat hulle beter as die ander inwoners in die township is? (1)

15.6 Herlees reël 27.

Stem jy saam dat Cyril se woorde met sy karakter ooreenstem? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

15.7 Gee 'n rede waarom TEKS I deel van die eksposisie van dié drama is. (1)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| LA GUMA: | *(*All over again, Mister Cavernelis ... in this ... wasteland ... Hierso waar daar niks direction is nie, man, hierso waar hulle vir jou, en vir my, en vir al onse families, in-geforce het ... Group areas ... |
| CAVERNELIS: | Maar dis hoekô ons hierso wil yt ... |
| LA GUMA: | So ons ammal soek 'n identity, 'n direction ... Kyk maar Map Jacobs se tattoos, man ... daai's 'n search vir identity! |
| MAUD: | *(verskyn self by die venster):* Cavernelis-darling, now really! |
| CAVERNELIS: | Ek is nóú daar, Maudie ... |
| LA GUMA: | O, good evening, missus Cavernelis ... |
| MAUD: | Evening? Evening? It's the bloody dead of night, mister La Guma! |
| LA GUMA: | *(aan Cavernelis):* 'n Mens moet belong ... by hook or by crook ... somehow ... That's the secret of living, believe me ... to belong, man ...<br>*Die lig verdof.*<br>Good night, mister La Guma ... |
| CAVERNELIS: | *Lig doof uit.* |
| | **Elf** |
| | *Blanchie, Maud en Cavernelis in hul flat.* |
| MAUD: | *(gooi haar hande op):* Well, so there you have it! |
| CAVERNELIS: | *(heeltemal uit die veld geslaan):* Maar ... maar Maudie ... Blanchie ...<br>*Blanchie, met 'n stuk papier – 'n brief in haar hande. Sy huil.* |
| BLANCHIE: | 'Is nie wáár nie ... |
| MAUD: | Maar 'it is wáár! You've read the letter, my dear ... Now stop crying, sweetheart, crying won't help ...<br>*Blanchie huil.* |
| CAVERNELIS: | *(hulpeloos):* Maar ... ek het nie gekan dink ... |
| MAUD: | *(wreed):* Maar jy't nooit gekan enigiets nie, Cavernelis-darling! Of course het jy nie gekan dink ... *(Sy lag, sinies. Cavernelis bek-af.)* Blanchie, that's life, my sweetheart ... that's people, man ... You trust them, you trust them, you do things for them, an' they ... just dump you, like that! *(Sy beduie.)* Trust me, I've been through it all ... |
| CAVERNELIS: | Die vuilgoed ... |

15.8 Watter TWEE maatskaplike omstandighede veroorsaak dat Cavernelis uit die "wasteland" wil wegtrek? (2)

15.9 Herlees reël 4.

15.9.1 Op watter TWEE maniere beïnvloed Cavernelis se obsessie om weg te trek Blanchie se verhouding met hom in die slot van die drama? (2)

15.9.2 Waarom slaag Cavernelis nie in sy doel om weg te trek nie? (1)

15.10 Herlees reël 11 en 12 asook reël 21.

15.10.1 Skryf die tema van die drama na aanleiding van reël 11 en 12 in jou eie woorde. (1)

15.10.2 Op watter manier sluit Map se voorkoms (reël 5 en 6) en Blanchie se reaksie (reël 21) onderskeidelik by dié tema (VRAAG 15.10.1) van die drama aan? (2)

15.11 Herlees reëls 25 tot 29.

15.11.1 Is dit vir jou binne konteks van die drama aanvaarbaar dat Maud "wreed" teenoor Cavernelis optree (reël 25)? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

15.11.2 Watter TWEE gevolge hou die gebeure direk ná haar uitbarsting vir Maud in? (2)

15.12 Herlees reëls 25 tot 27 van TEKS I en reëls 25 tot 29 van TEKS J.

Blanchie se werk by Lonely Hearts maak dit vir haar moontlik om met Map te versoen.

Motiveer dié stelling. (1)

**[25]**

**_MIS_ – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: _MIS_ – OPSTELVRAAG**

Miem, Meisie en Gertie reageer verskillend op die sirkus in die dorp.

Bespreek elkeen se handelinge/reaksies in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: _MIS_ – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS K**

*Wanneer die stuk begin, word die harde sirkusmusiek gehoor. Die musiek vervaag. Ligte op. <u>MIEM en MEISIE sit by die tafel. Elkeen is besig om twee stukke goiing aan mekaar vas te werk om sakke te maak. Die valdeur klap oop</u>. Stilte. MIEM en MEISIE sit en werk.*

MIEM: Gaan tel.

MEISIE: *(gaan hurk by die hoop sakke en tel)* Ses ... tien ... sewentien ... twintig ... vier-en-twintig, sewe-en-twintig.

MIEM: Ons moet dertig hê voor môre. *(Sug, tel haar voet op en laat dit op 'n stoel rus)*

MEISIE: Ja, Ma. *(Gaan sit en begin weer werk)*

*Hulle werk in stilte.*

MEISIE: Eina! *(Suig haar vinger)*

MIEM: Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.

*MEISIE buig haar kop en werk verder. MIEM werk ook. Terwyl hulle werk, sak 'n tou stadig uit die valdeur tot ongeveer een meter bo die grond.*

MIEM: *(sien die tou raak)* Die mandjie is op die tafel.

*MEISIE staan ietwat onwillig op en bind die mandjie haastig aan die onderpunt van die tou vas.*

MIEM: Nie so vinnig nie. Maak dit ordentlik vas.

MEISIE: *(fluisterstem)* Ek is bang ... As ek opkyk, sien ek sy benerige, wit hand.

MIEM: *(sag en kwaai)* Skaam jou! Jou eie pa! *(Staan effens moeilik op en maak die tou styf vas)* Trek maar op!

*Die mandjie word opgetrek. MEISIE gaan sit weer en lyk bedremmeld terwyl sy verder werk.*

MIEM: *(kyk op, praat hard):* Nee, wag eers! Laat sak weer!

*Die tou sak weer.*

MIEM: *(terwyl sy na die tafel beweeg)* Ek het vir jou 'n broodjie gebak. *(Sit die brood in die mandjie. Kyk op, praat hard)* Daar's hy!

17.1 Wat noem ons die skuinsgedrukte woorde in reëls 1 tot 4? (1)

17.2 Reël 1 en 2 verwys na musiek.

17.2.1 Gee TWEE redes waarom dié musiek in die opening van die drama genoem word. (2)

17.2.2 Hoe verskil Miem en Meisie se siening van dié musiek? (1)

17.3 Herlees reëls 1 tot 4.

Gee TWEE funksies van die skuinsgedrukte woorde. (2)

17.4 Herlees die onderstreepte woorde in reëls 2 tot 4.

17.4.1 Watter TWEE maatskaplike omstandighede veroorsaak dat Miem en Meisie met goiingsakke moet werk? (2)

17.4.2 Watter TWEE gevolge het dié omstandighede (VRAAG 17.4.1) op Meisie se verhouding met Miem? (2)

17.5 Herlees reël 12 en 13.

17.5.1 Skryf die tema van die drama in jou eie woorde na aanleiding van hierdie reëls. (1)

17.5.2 Op watter TWEE maniere sluit Meisie se optrede in hierdie reëls by dié tema (VRAAG 17.5.1) van die drama aan? (2)

17.6 Vir wie vertel Miem dat Meisie weier om 'n vingerhoed te dra? (1)

17.7 Stem jy saam dat Miem se woorde in reël 13 en reël 20 in ooreenstemming met haar karakter is? Motiveer jou antwoord met 'n rede vir elke reël. (2)

17.8 Is dit funksioneel dat Meisie in reël 24 "bedremmeld" lyk? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

17.9 TEKS K vorm deel van die eksposisie van die drama. Motiveer die stelling. (1)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| MIEM: | Maar, natuurlik, Konstabel. Met graagte. Meisie, sê vir die konstabel dit sal 'n plesier wees. |
| | *MEISIE sê niks.* |
| KONSTABEL: | Natuurlik, as die jong dame nie wil nie ... |
| MIEM: | Ag, nee wat, sy is maar net skaam. Is dit nie so nie, Meisie? *(Dreigend)* Is dit nie so nie? |
| MEISIE: | *(sag)* Ja, Ma. |
| KONSTABEL: | Goed so, Juffrou, as u miskien hier voor my kom staan ... |
| | *MEISIE loop stadig na die KONSTABEL en staan voor hom.* |
| KONSTABEL: | *(steek sy hand uit en raak aan haar)* Goed so. Kniel nou. Hier. Reg voor my. |
| | *MIEM en GERTIE hou die KONSTABEL en MEISIE roerloos dop. MEISIE kniel stadig. Die KONSTABEL steek sy hand uit en streel oor haar hare. Meisie maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.* |
| KONSTABEL: | *(prewel)* Mooi ... mooi ... |
| | *Die KONSTABEL raak saggies aan MEISIE se gesig. Hy vee sag, met die agterkant van sy vingers, oor haar ooglede en raak dan met die punte van sy vingers aan haar wimpers. Dan vee hy met 'n vingerpunt oor haar lippe. Sy hande gly by haar nek af. Wanneer hy klaar is, sit hy weer sy hande op sy skoot.* |
| MIEM: | *(trots)* Sy is mooi, nè? |
| KONSTABEL: | Ja, Mevrou. |
| | *MEISIE staan op en beweeg stadig terug na haar stoel. Daar is 'n kort stilte. MEISIE werk aan haar sak. MIEM en GERTIE kyk na die KONSTABEL. Die KONSTABEL kyk voor hom uit. Die valdeur klap hard oop. MEISIE kyk op. 'n Slopemmer sak stadig na onder.* |
| MEISIE: | Kyk, Ma! Hier kom dit! |
| MIEM: | *(hard. Kyk op)* Wees versigtig! Dis al meer as twee dae! |

17.10 In reël 5 en 6 dwing Miem vir Meisie om aan Konstabel se versoek toe te gee.

17.10.1 Wat is Konstabel se verskoning om aan Meisie se gesig te vat? (1)

17.10.2 Hoekom is Miem se dialoog én haar dreigende houding, onderskeidelik, ironies? (2)

17.11 Dink jy die feit dat Konstabel Meisie laat "kniel", suggereer hier reeds sy beheer oor haar? Motiveer jou antwoord. (1)

17.12 Herlees TEKS K reëls 14 tot 18 en TEKS L reël 25 en 26.

Gabriël se afsondering in die solder speel 'n rol in Meisie se bevryding.

Motiveer dié stelling met TWEE redes. (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**NOVEMBER 2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 52 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduideliking gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **<u>nie</u>.**

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**"oupa Thomas Daniel Granfield" – Ronelda Kamfer**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
    - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 herhaling en 1 wisselende strofelengtes.
    - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.
- Die kodes "H" (herhaling) en "S" (wisselende strofelengtes) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: (H) (S)

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Herhaling:** | | |
| **In versreëls 1 tot 8 herhaal die spreker dat sy in matriek was om aan te dui hoe traumaties die oupa se dood in daardie jaar was.** | Herhaling beklemtoon dat haar oupa Thomas se dood haar herinneringe aan haar matriek-jaar oorheers./'n emosionele ervaring was./vir die spreker traumaties was. | Versreël 6:<br>*toe ek in matriek was*<br>Versreël 7 en 8:<br>*dit is al wat ek regtig van matriek kan onthou* |
| **In versreëls 34 tot 37 word "dat" herhaal om die spreker se opstand en magteloosheid te versterk.** | Met die "dat"-herhalings benadruk die spreker haar frustrasie en onmag dat die oupa se dood nie 'n effek op die res van die wêreld gehad het nie./dat die wêreld doodgewoon aangegaan het, terwyl die spreker net wou huil./Dit beklemtoon ook die spreker se verdriet./hartseer./versterk die spreker se opstand en magteloosheid. | Versreëls 34 tot 37:<br>*dat die aarde aanhou draai het dat ek aanhou leef het*<br>*dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is*<br>*dat ek kon slaap en wakker word ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Versreëls 41 tot 46 se "ek wou"-herhalings dien om die spreker se verdriet/hartseer/ onmag uit te hef.** | Die spreker se onmag om oor die oupa te rou en vergeefse behoefte om net te treur word by herhaling beklemtoon met "ek wou" – ten spyte van die normale gang van die lewe wou die spreker net huil./dae aaneen huil./die oupa se leeftyd uithuil. | Versreëls 41 tot 45:<br>*en al wat ek regtig wou doen was om te huil*<br>*ek wou dae aaneen huil*<br>*en wou sy leeftyd uithuil*<br>*ek wou huil vir wie hy was ...* |
| | Die "ek wou"-herhaling kry 'n verdere emosie by wanneer die spreker praat oor haar onmag/ frustrasie oor die onreg wat sy aangedoen is om nie te kon afskeid neem nie./om nie te kon groet nie./om nie te kon rou nie. | Versreëls 44 en 45:<br>*Ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees*<br>*Ek wou huil oor die onregverdigheid ...* |
| **Die kernemosie (liefde) in versreël 20 word deur herhaling in versreël 46 en 47 beklemtoon.** | Die herhaling bevestig die liefde wat daar tussen hulle bestaan het sodat die wederkerige liefde as troos vir die spreker dien. | Versreël 20:<br>*dat ek die liefste vir hom was*<br>Versreël 46 en 47:<br>*en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my*<br>*en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my* |
| **In versreël 30 word die vlermuisbeeld (versreël 24) herhaal, wat die spreker se verwardheid beklemtoon.** | Omdat die spreker se ma juis stilgebly het, voel die spreker dat die vrees/angs om die waarheid te hoor soos vlermuise op haar toesak./beklemtoon die spreker se verwardheid. | Versreël 24:<br>*haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg*<br>Versreël 30:<br>*het die vlermuise aanhou vlieg* |
| **In versreël 47 word die liefde van die oupa vir die kleinkind herhaal.** | Die spreker meld sy weet die oupa was lief vir haar en dat dit al is wat sy oorgehou het van hom, die herinnering aan sy liefde as enigste troos./Dit dien as 'n finale bevestiging van die oupa se liefde vir die kleinkind. | Versreël 46:<br>*en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my*<br>Versreël 47:<br>*en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my* |
| **In versreëls 41 tot 46 word "huil" herhaal.** | Die herhaling ondersteun die spreker se hartseer oor die afsterwe van haar oupa. | Versreël 41:<br>*en al wat ek regtig wou doen, was om te huil*<br>Versreël 42:<br>*ek wou dae aaneen huil*<br>Versreël 43:<br>*ek wou sy leeftyd uithuil*<br>Versreël 44:<br>*ek wou huil vir wie hy was ...*<br>Versreël 45:<br>*ek wou huil oor die onregverdigheid*<br>Versreël 46:<br>*ek wou huil omdat hy regtg lief was vir my* |

| Wisselende strofelengtes: | | |
|---|---|---|
| **Die koeplet in versreëls 13 tot 14 is opvallend korter as die eerste twee strofes.** | Die koeplet fokus op al die volwassenes, almal opgenoem, maar die kinders/spreker moes tuisbly – iets wat sy later as "onregverdig" beskryf./Dit beklemtoon die spreker se afgesonderdheid./alleenheid./ isolering./eensaamheid. | Versreëls 13 tot 14:<br>*al die grootmense my oupa se kinders en hulle mans en vroue is hospitaal toe* |
| **Versreël 31 staan alleen in 'n strofe./word van die res van die gedig geïsoleer wat die nuus wat haar met verwarring/hartseer/onmag laat, beklemtoon.** | Die woorde in versreël 31 skep die idee dat die aarde vir die spreker tot stilstand kom wanneer sy uiteindelik die nuus kry wat sy so gevrees het. | Versreël 31:<br>*"ja, vroeg vi-oggend"* |
| **Versreël 31, wat alleen staan, beklemtoon die direkte rede wat die onsimpatieke houding van die ma oordra.** | Die direkte rede waarmee die ma die tyding onsimpatiek oordra, versterk die spreker se verwarring, onmag en frustrasie met die situasie./Dis duidelik dat hier nie deernis vir die kind se verdriet is nie. | Versreël 31:<br>*"ja, vroeg vi-oggend"* |
| | Die direkte rede beklemtoon die skokkende nuus wat die spreker ontvang. | Versreël 31:<br>*"ja, vroeg vi-oggend"* |
| **Die slotstrofe (versreëls 32 tot 47) – in teenstelling met versreël 31 – is 16 reëls lank wat die aandag op die spreker se verdriet/hartseer/rou/ onmag/frustrasie plaas.** | In dié strofe brei die spreker uit op die roetine van die normale gang van sake wat nie versteur is deur die oupa se heengaan nie, terwyl die spreker self net wou huil./haar verdriet uitleef./ Die spreker beleef frustrasie omdat die lewe, ook sy, bloot normaal moes voortgaan sonder die noodsaaklike geleentheid om te rou./Die spreker meld haar frustrasie met die onregverdigheid omdat sy nie kon afskeid neem van die oupa nie./nie kon rou nie./Die aandag word op die spreker se verdriet/hartseer/rou/onmag/frustrasie geplaas. | Versreëls 34 tot 37:<br>*dat die aarde aanhou draai het dat ek aanhou leef het*<br>*dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is*<br>*dat ek kon slaap en wakker word ...*<br>Versreëls 41 tot 45:<br>*en al wat ek regtig wou doen was om te huil*<br>*ek wou dae aaneen huil*<br>*ek wou sy leeftyd uithuil*<br>*ek wou huil vir wie hy was ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | In die slot van dié besonder lang strofe gee die spreker die kern van haar eie verdriet en hartseer/frustrasie: die oupa was regtig lief vir haar. | Versreël 46:<br>*en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my*<br>Versreël 47:<br>*en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my* |
| **Versreëls 1 tot 8, 9 tot 12, 15 tot 20 en 25 tot 30 se lengtes verskil wel, maar hulle staan nie so pertinent uit nie en fokus nie op 'n bepaalde emosie nie.** | | |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Versagtende omstandighede" – Peter Snyders**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Dis 'n hofterm./woorde wat verwys na feite wat aangevoer word om iemand se straf ligter te maak./<br>Die spreker bied redes aan waarom hy nie hemel toe wil gaan nie. ✓ | 1 |
| 2.2 | Dit dui die spreker se ernstige gesprekstrant aan./op respek./<br>Die spreker verkry 'n bepaalde gemeensaamheid./<br>Die spreker gebruik die "Oe" om sy verwondering vir die hemel te suggereer./<br>Die spreker probeer die Here manipuleer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.3 | Die spreker wil die leser laat nadink of die (hemelse) rykdom regtig waarde het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.4 | Eufemisme/versagting/litotes/verkleining/agterplasing (van "oek")/inversie ✓<br><br>Hy dink nie sy foute is so erg nie./sy foute dui op sy menslikheid. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 2.5 | Die stemming is humoristies/lighartig/speels/satiries. ✓<br><br>Hy sê dat, as hy te goed is om hel toe te gaan/"gebraai te word", moet hy eerder terugkom aarde toe./<br>Hy dink hy het 'n talent om seks te hê. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 2.6.1 | Kwatryn ✓ | 1 |
| 2.6.2 | Ja<br>Die spreker beskou die aarde as 'n plek van lyding, maar tog wil hy op aarde ly in plaas daarvan om hemel toe te gaan./<br>Die spreker sien die hemel as 'n dooie plek/"grafstienhiemel", terwyl die aarde vol grafstene is./<br>Die spreker verkies aardse lyding bo die hemelse volmaaktheid, terwyl die mens eintlik na vreugde/volmaaktheid streef. /<br>Die spreker bied versagtende omstandighede aan sodat hy op aarde kan ly/bly, terwyl 'n mens verwag dat hy pleit om beter omstandighede. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Wie's Hy?" – Adam Small**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Die herhaling beklemtoon die kerngedagte./die vraag, wie die digter is./<br>Dit dui op die dringendheid van die vraag./<br>Dit beklemtoon die onbekendheid van wie die "poet" is./<br>Dit skep spanning by die leser oor presies wie die "poet" is. ✓ | 1 |
| 3.2 | Inhoud:<br>Strofe 1 handel oor die wanpersepsie oor wie die digter is en in strofe 2 sê die spreker wie die ware digter is./word die wanpersepsie reggestel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat verwys na albei strofes vir EEN punt.*<br><br>Tipografie:<br>Reël 8 se alleenplasing dien as skeiding tussen die twee strofes./<br>Die gedig is verdeel in twee strofes./<br>Strofe 1 bestaan uit 7 versreëls en strofe 2 bestaan uit 8 versreëls./<br>Strofe 1 bestaan uit drie sinne, terwyl strofe 2 uit een sin bestaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat verwys na albei strofes vir EEN punt.*<br>*Die twee dele (inhoud en tipografie) word onafhanklik van mekaar geassesseer.* | 1<br><br>1 |
| 3.3 | Dit dui aan wie die spreker is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | "(gladde) bek" ✓<br><br>Ja<br>Die "bek" verwys nie net na sy/haar mond nie, maar dat hy/sy glad met die tong is./ sy/haar idees maklik verkoop./maklik mense van sy/haar siening oortuig./altyd 'n antwoord gereed het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 3.5.1 | Die gewone mense in die straat is die digter./"poet"./<br>Die mense wat glad van mond is/so maklik hul slimmighede verkoop, is die ware digters./<br>Die digter is 'n doodgewone mens wat tussen die gewone mense leef./<br>Digterskap is nie ekslusief nie./<br>Almal wat taal speels en kreatief gebruik, is digters./<br>Digterskap is nie net om formeel/amptelik te dig nie./<br>Eintlike digters "praat" hulle gedigte, hulle skryf dit nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.5.2 | Ja<br>Die digter het die verantwoordelikheid om mense/dade dadelik aan te spreek wanneer hy sien dat hulle/dit/iets verkeerd is./<br>Die spreker is van mening dat gewone mense die morele plig het om teen onreg te stry.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nêrens in die reëls is die spreker voorskriftelik/maak die spreker dit duidelik dat 'n "poet" verkeerde goed openbaar móét maak/daaroor móét skryf nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.6 | Ja<br>Die spreker sê dat mense wat in die straat loop/gewone mense die digters is./die mense is wat kreatief met taal omgaan./gemaklik met taal omgaan./<br>Die spreker bewys dat die "poet" nie in afsondering/in sy studeerkamer/met pen en ink hoef te werk nie, omdat gewone mense met gewone taal éintlik die digters is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Die sagte sprong" – Sheila Cussons**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "aanraking van die verstand" ✓ | 1 |
| 4.2 | Ja<br>Versreël 7: Die dubbelpunt aan die begin van die versreël skei die twee dele in die gedig van mekaar./<br>Die dubbelpunt dui aan dat 'n verdere verduideliking van die **spreker se belewing (van God/van die Goddelike aanraking) volg**./<br>Die vreemde gebruik van die dubbelpunt aan die begin van die versreël fokus die aandag op die progressie/verdieping wat plaasvind./<br>Die ongewone plasing van die dubbelpunt in r.7 lei die wending in die gedig in./<br>Die spreker beleef na die dubbelpunt God op 'n meer emosionele of geestelike vlak eerder as op ‘n intellektuele vlak./<br>Dit beklemtoon die feit dat die aanraking van God, onverwags is. ✓<br><br>Versreël 8: Die dubbelpunt dui aan dat 'n verduideliking volg **van dít wat nie verwag word nie**./<br>Na die **dubbelpunt in reël 8** volg 'n verdere verklaring van die goddelike belewing wat die spreker ervaar./van die aanraking wat nou die hele wese van die mens betrek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir versreël 7 en versreël 8 se dubbelpunte afsonderlik vir EEN punt elk aan*.<br>*Die kandidaat moet telkens die spesifieke rede vir die dubbelpunt se gebruik duidelik aantoon.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 4.3.1 | Versreëls 1 tot 6 maak melding van 'n intellektuele belewing./aanraking, terwyl versreëls 7 tot 11 praat van 'n geestelike/emosionele belewing/aanraking/iets wat die spreker tot in sy/haar diepste menswees tref./<br>In versreëls 1 tot 6 word van God/in die derdepersoon gepraat ("hoe moet sy vasvat wees?"), terwyl die spreker in versreëls 7 tot 11 direk mét God praat./die eerstepersoonaanspreekvorm gebruik ("hoe moet u vasvat wees?")/<br>Die aanraking in versreëls 1 tot 6 lei tot ernstige besinning./bepeinsing, maar in versreëls 7 tot 11 laat die Goddelike aanraking die mens met oorstelpte emosies./<br>Die spreker in versreëls 1 tot 6 is in gesprek met hom-/haarself, terwyl die spreker in versreëls 7 tot 11 'n vraag aan "u"/God self vra. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Albei kante van die verskil word vir EEN punt aangebied.* | 2 |
| 4.3.2 | Sagtheid/ligtheid/effensheid/<br>Die aanraking is sag./lig./effens./skaars voelbaar. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4 | Die spreker is onseker/verwonderd oor God se vasvat./<br>Die geestelike/mistieke aanraking is nog nie afgehandel/voltooi nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.5 | God/Goddelikheid ✓ | 1 |
| 4.6 | Metafoor ✓<br><br>'n Goddelike aanraking/(Mistieke) belewing van God se teenwoordigheid ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"sondagmiddag ná ete" – Pieter Odendaal**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "sondagmiddag" word met 'n kleinletter geskryf./<br>Die titel word sonder 'n lidwoord/aanwysende voornaamwoord geskryf. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.2 | Alliterasie/s-alliterasie ✓<br><br>Die geluid/beweging van die wind word deur die herhalende s voorgestel./<br>Die alliterasie hef die weerloosheid van die swaels uit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 5.3.1 | Klanknabootsing/Onomatopee ✓ | 1 |
| 5.3.2 | Metafoor/personifikasie ✓ | 1 |
| 5.3.3 | Ja<br>Die beeld hef die krag/geweld/onkeerbaarheid van die wolke (wat soos 'n grys trein aanstorm) uit./<br>Dit skep 'n visuele beeld van die naderende wolkemassa./gevaar. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 5.4 | "want die werf is klein en afgekamp"/<br>"en ons het 'n swembad" ✓ | 1 |
| 5.5.1 | koeplet ✓ | 1 |
| 5.5.2 | Ja<br>Die strofe bestaan uit 2 versreëls, terwyl die inhoud verwys na twee sake./die hond en die digter. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 5.6 | Ek moet meer ingestel wees op die natuur./natuurelemente./<br>Ek moet, soos die diere, nader aan die natuur leef./<br>Ek moenie die natuur ignoreer asof ek dit nie nodig het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kode "I" (Iris) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: (I)

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Iris is van kleins af behep met haar naam.** | Sy wou by haar ouers weet waar haar naam vandaan kom./Volgens haar pa was sy perserig van kleur met flappende arms en bene, vandaar die naam Iris. | Bl.10: *Waarom my ma my Iris wou noem, het ek nooit uitgevind nie ... Toe ek klein was het ek saamgelag.*<br>Bl. 9: *My pa het somtyds gespot en gesê die Iris was van pas omdat ek perserig was by geboorte en my arms en bene oor die verpleegster se hande geflap het toe sy my vir hom kom wys.* |
| | Iris het op skool in die woordeboek nageslaan wat haar naam beteken. | Bl. 10: *In die klaskamer moes ek op 'n dag naslaan wat ipso facto beteken en uit verveling het my oog laer af met die bladsy gedraal en daar leer ek toe iets nuuts. 'n Iris was nie slegs 'n bolplant nie ...* |
| **Omdat Iris glad nie hou van die gedagte dat sy na 'n irisblom vernoem is nie, speel sy met ander betekenismoontlikhede om vrede met haar naam te maak.** | Die gedagte dat die iris deel van die oog is, is vir Iris motivering vir haar diepsinnige geaardheid. | Bl. 9: *Die iris was tog ook deel van die oog, en in daardie stadium het ek myself nie slegs as diepsinnig beskou nie, maar as ook besonder skerpsinnig.* |
| | Sy kom op die mitologiese verklaring "in diens van belangriker gode" af, wat haar minderwaardig laat voel. | Bl. 9: *'n Iris was nie slegs 'n bolplant nie, maar sy was ook 'n Griekse mitologiese godin ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris se ma, wat glad nie beïndruk is met al die ander betekenismoontlikhede nie, verklaar eenvoudig dat haar naam op 'n blom dui.** | Volgens Iris se ma is dit 'n baie mooi blom en daarom het sy die naam aan Iris gegee. | Bl. 14: *So 'n mooi blom. Ek vind dit jammer dat hulle net in die lente blom.* |
| **Die feit dat Peter die naam van een van haar karakters het/haar met haar naam komplimenteer, dra daartoe by dat sy hom in haar lewe toelaat.** | Behalwe vir sy naam, toon Peter ooreenkomste met haar fantasiekarakter, Peter. | Bl. 36: *Die Peter wat ek ontmoet het, het nie veel van sy fiktiewe eweknie verskil nie ... hy lyk nogal na sy prototipe, maar toe ... ek hoor sy naam is Peter het ek geskrik.* |
| | Peter noem dat haar naam op die Griekse godin van die reënboog dui. | Bl. 36: *"Die Griekse godin van die reënboog," het hy gesê en vir my geknipoog. Ek was lamgeslaan. Reënboog?* |
| | Peter noem dat die blom waarna sy vernoem is, die iris, as embleem in dekoratiewe kuns voorkom. | *Bl. 36: "Die iris is 'n embleem wat deur die eeue gebruik is," het hy vlot vertel. "Veral in die dekoratiewe kuns. Borduurwerk uit die Ooste, motiewe op Persiese erdewerk ..."* |
| | Peter komplimenteer Iris se naam as 'n betekenisvolle naam. | Bl. 36: *" ... 'n Naam vol ryke assosiasies."* |
| **Iris se beheptheid met haar naam in New York veroorsaak haar soeke na 'n blomoomblik./impliseer dat sy nog nie vrede met haarself gemaak het nie.** | Sy vertel aan Billy, die taxibestuurder, die verskillende betekenisse van haar naam. | Bl. 104: "*En dan is daar my naam. Iris. In die mitologie het dit 'n paar verskillende betekenisse gehad ... Maar dan is daar ook die blom."* |
| | Sy vertel aan Billy dat die irisplant net een keer per jaar blom. | Bl. 104: *"Hulle blom net een keer per jaar," het ek hom herinner.*<br>Bl. 131: *"Ek het jou al vertel van my naam ... Nou, soos ek dit sien ... wie sê dis nie nou my kans nie?"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Joe se voorstel dat sy 'n model kan word, laat Iris vir die eerste keer daaraan dink dat sy haar blom-oomblik/selfverwesenliking kan ervaar.** | Iris is oortuig dat sy, anders as die irisplant wat een keer per jaar blom, net een keer in haar lewe gaan blom. | Bl. 104: *"En dis miskien ook een van die redes waarom ek nie altyd nee sê as ek dit behoort te doen nie. Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot, die een of ander tyd moet blom en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys of 'n potensieel opwindende situasie onbenut mag laat nie ..."* |
| **In die hospitaal besef Iris dat sy eerder op haar eie toekoms moet fokus en daaroor drome moet droom.** | Sy besef die lewe is nie 'n storieboek nie en 'n naam is net 'n naam./dat 'n naam haar nie definieer nie. | Bl. 187: *"Tja," het die Engel gesug. "Die lewe is nie 'n storieboek nie."*<br>*"En 'n naam is net 'n naam."* |
| | Nadat sy tot hierdie insig gekom het, vertel sy vir die Engel van die kwart-voor-sewe-lelie wat sy naam gekry het op grond van wat hy doen, nie andersom nie. | Bl. 187: "*Ek wil jou vertel van 'n lelie in my ma se tuin. Dit was maar altyd daar, een van daardie groen plante wat jaar na jaar 'n hoek vol maak sonder om iets dramaties te doen ... en presies kwart voor sewe het die blom oopgemaak ... My lewe bestaan uit onsamehangende flardes.* |
| **Iris vind vrede in haarself/ met wie sy is, ongeag haar naam.** | Dit is nie meer vir haar nodig om self te probeer blom nie./ Sy is vergenoegd met haarself en haar omstandighede. | Bl. 220: *Dis nou laatsomer en ek en Johanna sit saam op ons kombuisstoeltjies in die hoek van die skadutuin. Dis halfsewe en ons hou die lelie dop ... "Wees geduldig," sê ek. "Dis amper tyd."* |

| | |
|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | **[25]** |

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Die roman speel binne die apartheidsera af./<br>Claude se anderkleurigheid skep 'n probleem in die apartheidsera. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.2 | Eduard word in Claude 'n werklikheid./<br>Iris besef storieboekkarakters kan 'n werklikheid wees./werklike karakters kan net so mooi soos storieboekkarakters wees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.3.1 | Die kultuurverskille is te groot. ✓ | 1 |
| 7.3.2 | Ja<br>Hulle het kinders saam./trou uiteindelik (ondanks die kultuurverskille)./<br>Iris gaan kuier vir hulle in Frankryk waar sy besef dat hulle gelukkig is.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Vanuit hulle opvoeding binne die apartheidsera is dit vir hulle bekend dat sulke verhoudings probleme veroorsaak./teen die wet is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.3.3 | Ja<br>'n Mens sou verwag dat Elsa wat uitsprake oor 'n ander huwelik maak, self 'n gelukkige huwelik sou hê by gebrek aan kultuurverskille tussen hulle, maar hulle ervaar juis later probleme./sy verdink Hannes van ontrouheid./<br>Kara en Claude se huweliksverhouding is, ten spyte van hulle kultuurverskille wat Elsa hier kritiseer, baie gelukkig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 7.4 | Onbetrokke/asosiaal/onkonvensioneel/apaties ✓<br><br>*Die kandidaat mag die karaktertrek omskryf.*<br><br>Pa gaan bly op die plaas. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.5 | Johanna noem vir Claude 'n "klong"/weier om vir Claude koffie in die bed te neem. ✓<br><br>Sy aanvaar hom as 'n gas./iemand vir wie sy moeite wil doen./besef hy is nie sommer 'n "klong" nie./<br>Dit dui op haar veranderde houding teenoor hom. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6.1 | Versorger/ma-rol/opvoeder/vriendin ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat mag die rol omskryf.* | 1 |
| 7.6.2 | Ja<br>Iris sou sonder 'n vriendin wees./nie 'n klankbord hê nie./alleen na die kwart-voor-sewe-lelie sit en kyk./haar eie huishouding na die troue moes hanteer.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Iris sou geleer het om op haar eie klaar te kom./het nie Johanna nodig om na die kwart-voor-sewe-lelie te kyk nie./het vir Peter. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| 7.7.1 | Lig/humoristies/lighartig/komies ✓ | 1 |
| 7.7.2 | Ma praat met die stofsuier./glo alle elektriese toebehore is lewend./<br>Ma vergeet 'n kruller in haar hare die aand toe Peter daar kom eet het./<br>Ma werk 'n geel lappie tussen delikate pienk lappies vas./<br>Ma praat Nederlands met Polder./<br>Ma vind dit natuurlik dat Iris haar tande met as uit die kaggel borsel. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 7.8.1 | Iris het nie geld om te betaal vir haar koffie/ontbyt nie./<br>Joe moet vir Iris se koffie/ontbyt betaal. ✓ | 1 |
| 7.8.2 | Joe dra by tot Iris se innerlike konflik oor die modelkontrak./help Iris om haarself te vind./tot insig te kom./dra by tot Iris se konflik met Peter. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.9.1 | Sy sê vir hom dat sy glo sy gaan net een keer per jaar blom./nooit nee sê as sy dit behoort te doen nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.9.2 | Ja<br>Hy weet dat sy vreemd in Amerika is./ontferm hom oor haar./<br>Hy besef sy is naïef./beskou haar as sy kleinsussie./<br>Hy tree vaderlik op teenoor haar./wil haar beskerm./<br>Hy help Iris om sosiaal te ontwikkel. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 7.10 | Iris en Peter het die eerste aand van hul ontmoeting saam geslaap./<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.11 | Iris se huwelik is doodgewoon./nie so romanties as wat Iris gedink het dit behoort te wees nie./rok is gemaak van gordynmateriaal. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.12.1 | Hulle is naïef/glo in die onskuld van mense./vertrou mense/vreemdelinge maklik.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan die karaktereienskap omskryf.* | 1 |
| 7.12.2 | Iris gaan saam met Peter na sy woonstel toe die eerste aand wat sy Peter ontmoet./<br>Sy praat met vreemde mense soos die man wat vuurhoutjiedosies versamel./die hotelklerk./<br>Sy gesels met die Spaanse meisie van Honduras, Maria./<br>Sy vertrou Joe om foto's van haar te neem. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

***MANAKA, PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kode "B" (Baas) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: (B)

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Baas idealiseer van kleinsaf sy oupagrootjie en naamgenoot en luister oor en oor na die stories oor hom.** | Omdat daar so baie legendes oor die gestorwe Buffeljagter/ oupagrootjie vertel word, kan Baas nie genoeg kry van die stories oor sy oupagrootjie se doen en late op Manaka, Plek van die horings, nie. | Bl. 10: *Dennis Chipman, ... is lank voor die jong Dennis Chipman se geboorte dood, maar in sy gedagtes groei die beeld van sy oupagrootjie geleidelik tot groter as lewensgroot.* |
| **As jong seun hou Baas hom daagliks besig met aktiwiteite wat hom aan die aktiwiteite van die oupagrootjie herinner.** | Vakansies roei hy met sy selfgemaakte blikskuit op die Ebenezer-dam./In die reënseisoen roei hy met sy boot op die Bo-Letabarivier. | Bl. 10: *Gedurende skoolvakansies roei hy dae lank met sy selfgemaakte blikskuit op die Ebenezer-dam ...* |
| | Hy jag dikwels saam met sy pa./Hy word 'n uithalerskut – soos sy oupagrootjie. | Bl. 10 en 11: *Wanneer hy naweke saam met sy pa ... gaan jag, voel hy ... dat hy ... in die spoor van sy oupagrootjie trap.* |
| | As hoërskoolseun lees hy soveel moontlik oor Zambië en die gebiede om die Zambezirivier waar sy oupagrootjie gewoon het. | Bl. 11: *... wat hom voorsien van leesstof oor Suid-Afrika se noordelike buurlande ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Hy koop dieselfde soort hond wat sy oupagrootjie gehad het.** | Hy koop vir hom 'n Ierse terriër – na aanleiding van sy oupagrootjie se liefde vir Ierse terriërs./Hy noem die hond Brindle. | Bl.7: *Hy en Brindle ... word legendariese buffeljagters.*<br>Bl. 12: *Hy en die Ierse terriër wat hy by 'n teler in Mutare gekoop het ...* |
| **Baas besluit om soos sy oupagrootjie Manaka toe te gaan.** | Hy volg die oupagrootjie se voorbeeld om alleen as toergids Botswana toe te gaan. | Bl. 14: *Hy aanvaar 'n pos as toergids by 'n safarimaatskappy in die noorde van Botswana.* |
| | Baas bestudeer die topografie van Barotseland; koop 'n motorboot en 'n sleepwa en bedank uiteindelik uit sy werk as toergids. | Bl. 15: *Snags, en ook gedurende sy af dae, bestudeer hy die topografiese kaarte van Barotseland en die ander gebiede van Zambië al teen die Zambezi-rivier op.*<br>Bl. 15: *Hy kan sy ongedurigheid nie langer besweer nie. Hy koop 'n tweedehandse motorboot en 'n sleepwa en bedank uit sy werk.* |
| | Baas slaan 'n tydelike kamp by Kazangula op./Terwyl Baas na Manaka gaan soek, los hy sy besittings onder Mark James se toesig. | Bl. 15 tot 16: *Hy wys die werksaanbod vir eers van die hand ... toe Baas met net die noodsaaklikste bagasie sy reis voortsit, eers weswaarts tot waar die Zambezi ... draai hy ... teen die westelike oewer van die rivier op.* |
| **Tydens Baas se eerste besoek aan Manaka soek Baas na die buffelhorings (wat sy oupagrootjie ingekap het) teen die bome./na bewyse dat dit wel sy oupagrootjie se blyplek was./is.** | Baas soek bevestiging dat sy oupagrootjie op daardie spesifieke plek gewoon het./Hy besef dat horings nie honderd jaar sou hou nie, maar soek na bewyse dat dit wel sy oupagrootjie se blyplek was./is. | Bl. 20: *Hy soek verder, maar aan geeneen van die bome in die omgewing kry hy tekens dat buffelhorings ooit aan die stamme vasgekap was nie.*<br>Bl. 21: *Toe hy onder die ander groot bome in die omgewing begin soek, kry hy nog stukke kakebeen ...* |
| **Baas begin daadwerklik om, soos die oupagrootjie, 'n boot op die Zambezi te kry.** | Baas besef dat die moontlikheid vir 'n toerismebesigheid – soos sy oupagrootjie beplan het – 'n moontlikheid is./Hy wonder hoe die oupagrootjie verby die Ngonyewaterval wou kom. | Bl. 18: *"Of het hy ook, soos ons, noordwaarts gedink en nie suidwaarts, terug na die beskawing nie?"*<br>Bl. 27: **"***As ek dalk eendag met 'n groot ferry inkom om te kom vol maak?" "Always! Always!"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas ontdek die uitloopsel van 'n bougainvillea en vermoed dit is deur sy oupagrootjie daar op Manaka geplant.** | Baas begin die bougainvillea versorg toe hy besef dat die bos begin uitloop./Hy maak die grond om die stam los./gooi die water wat in sy waterkan is, in die holte by die plant uit. | Bl. 34: *Niemand anders as Dennis Chipman kon hierdie ranker geplant het nie, besef hy.*<br>Bl. 33: *Hy streel met die rugkant van sy hand oor die belofte van kleur.* |
| **Baas volg in die oupagrootjie se voetspore op Manaka deur vleis te jag met die oupagrootjie se Mott Mauser.** | Hy gebruik sy oupagrootjie se geweer om, soos destyds, vleis vir almal/die honde op Manaka te verseker./Gou leer die plaaslike bevolking dat hulle op Manaka vir vleis kan aanklop, nes in sy oupagrootjie se tyd. | Bl. 36 en 37: *So kry hy kans om in oefening te bly met die Mott Mauser.*<br>Bl. 123: *Baas buk by die hopie bene ... Is dit een wat Baas Dennis geskiet het?* |
| **Baas vestig hom op Manaka Evangelical Mission, die plek waar sy oupagrootjie feitlik 100 jaar voor Baas gewoon/geleef het.** | Die armoede/omstandighede in Barotseland veroorsaak geweldige spanning/konflik by Baas, want – anders as toe sy grootjie daar gewoon het – wil hy alleen gelaat word./nie deur die Lozi's lastig geval word nie. | Bl. 42: *"Maar jy weet tog ek het nie meer pille nie. As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!"*<br>Bl. 43: *Sê vir daardie ouma Essie van jou ... ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."* |
| **Hoewel Baas hoor van die sendingstasie en skooltjie wat sy oupagrootjie op Manaka bedryf het, wil hy niks met godsdiens te make hê nie.** | As gevolg van die moord op sy ouers keer Baas sy rug op sy eie geloof/godsdiens; gevolglik wil hy niks met godsdiens/geloof/die sendelinge op Manaka te make hê nie. | Bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie ..."*<br>Bl. 43: *"Wat de donder het haar dié idee gegee?"* |
| **Die houtbankies onder die worsboom op Manaka herinner Baas aan die feit dat die oupagrootjie daar kerk/skool gehou het./laat hom sentimenteel daaroor voel.** | Baas voel jammer oor die beskadiging van die bankies toe sy boot op die stellasie staangemaak is./Baas vervang wel later die bankies nadat Whitey vir hom planke en stutpaaltjies bring./Hy weier dat Nanna die bankies vervang. | Bl. 222: *Die geroeste blou Fordson met 'n stapel planke op die hystoestel hou langs die kombuisafdak stil.*<br>Bl. 244: *Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.* |
| **Baas bring in sy blyplek op Manaka ook hulde aan die oupagrootjie**. | Baas hang die foto van sy oupagrootjie in sy rondawel op, om juis die band tussen hom, die oupagrootjie (en Manaka) te beklemtoon. | Bl. 75: *Aan 'n stuk bastou teen die muur hang 'n foto van 'n bejaarde man met hoë wangbene ...*<br>Bl. 180: *"Die ou man in jou huis sê dis te min."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas wil nie sy oupagrootjie se blyplek/Manaka met vreemdes deel nie.** | Baas wil niks met die sendelinge te make hê nie, want hy wil nie sy blyplek en vrede deel nie./wil niks met die sendinggedagte te make hê nie./juis omdat hy, soos sy oupagrootjie, die plek alleen wil beset. | Bl. 113 en 114: "*Daar word van hierdie janrap verwag om te besluit of ek jou in my huis wil hê."* |
| **Alhoewel Baas daarteen baklei, word hy op Manaka gekonfronteer met die werklikheid van sy oupagrootjie se sendingroeping.** | Ten spyte daarvan dat Baas sy Christenskap ontken, hoor hy hoe sy oupagrootjie die plaaslike bevolking op Manaka laat skoolgaan het./mense gedoop het./hoor hy aanhoudend dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is./dat hy 'n Christen is omdat hy aan mense goed doen./By ouma Essie, maar veral by Whitey, kry hy baie inligting oor sy oupagrootjie. | Bl. 8: *Met die jare kry hy langs sy hut 'n skooltjie aan die gang ... Sondae word die ruwe kiaathoutbankies die kinders en sommige ouers se kerk.*<br>*Bl. 176: "Ek vra maar. Ek het gehoor hy het bankies ook gebou, hier onder die worsboom."* |
| **Whitey oortuig Baas dat hy, net soos sy oupagrootjie, 'n groter roeping as net die bootdroom het.** | Hy hoor dat omgee en sendelingwees deel is van die bloed wat deur sy en Whitey, 'n agterkleinseun van die oupagrootjie, se are loop. | Bl. 234: *Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het?* |
| **Uiteindelik aanvaar Baas sy rol as geestelike en sosiale leier op Manaka./volg hy in sy oupagrootjie se voetspore. So kom hy op Manaka tot rus./beëindig hy sy soeke en swerfskap./Baas betaal sim-bolies sy oupagrootjie se lobolaskuld.** | Hy aanvaar sy geestelike rol: Hy gee sy oupagrootjie se Bybel vir Whitey./bid by ouma Essie se siekbed./gee muluti Joseph se lyfband terug./suggereer dat hy die herstel van die sendingkerk gaan doen./herstel die houtbankies. | Bl. 243: *"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."*<br>Bl. 243: *"Dankie, Here. Amen." sê Baas*.<br>Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk het gekom," sê Baas*. |
| | Baas aanvaar sy verantwoordelikheid teenoor die mense van Barotseland: skiet Morena om Johnnie se lobolaskuld te betaal./krap sy naam onder sy oupagrootjie se naam in die boomstam uit./So tree hy op soos die stigter van Manaka, Plek van die Horings. | Bl. 244: *Meneer Johnnie help hom die planke en die stutpaaltjies te verf* ...<br>Bl. 244: *By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.* |
| **Baas volg die eerste stigter van Manaka, Dennis Chipman, se voorbeeld deur met 'n Tibelelo in verhouding te tree.** | Grace is Baas se versorger toe hy siek word, sy voorsiener in 'n sterk mate en buffer teen die khuta. Haar stamnaam, Tibelelo, herinner aan die oupgrootjie se vrou. | Bl. 246: *Hulle loop agter mekaar in 'n olifantpad teen die rivier af om na die boot ... te gaan soek.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Grace vleg 'n lyfband vir Baas. ✓<br>Sy broeke is te groot (aangesien hy so maer geword het as gevolg van die malaria). ✓ | 2 |
| 9.2 | Ja<br>Grace het die khuta (wat vir Baas so kwaad gemaak het) se optrede probeer regverdig./<br>Grace is deel van die Lozi-stam wat vir Baas uitbuit. ✓<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Grace is nie die skuldige party nie./<br>Grace was nog net altyd goed vir Baas./<br>Grace stem nie noodwendig saam met die khuta nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan aan.* | 1 |
| 9.3 | Ouma Essie ✓ | 1 |
| 9.4 | Respek word met handeklap aangedui./<br>Respek word aangedui deur die hande teen mekaar te vryf./<br>Respek word aangedui deur die knieë te buig./<br>'n Mens hardloop nooit na jou meerdere toe nie./<br>Jy staan nie regop voor jou meerdere nie./<br>Jy kruis nie jou bene as jy op 'n stoel sit in die meerdere se huis nie./<br>'n Man loop voor in die pad, want hy is die meerdere./<br>Iemand wat uit die Mulambwa-familie (die opperhoofde) kom, is groter as jy./<br>Dit is die beste om respek te wys vir elke mens wat jy langs die pad kry (vir ingeval jy nie weet hy kom uit 'n belangrike familie nie). ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.5 | Christenskap/identiteit ✓ | 1 |
| 9.6.1 | Baas gee sy laaste malariapille vir haar toe sy siek word./<br>Grace antwoord die vraag wat hy (in reël 11) aan haar stel. ✓ | 1 |
| 9.6.2 | Ja<br>Grace het na die kliniek in Sioma geloop om medisyne te gaan soek./<br>Grace het Baas se honde versorg./<br>Grace het vir hom water gegee terwyl hy siek is./<br>Grace het vir Baas/die sendelinge/die honde kos gekook. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 9.7.1 | Die khuta wil nog geld hê vir die vleisverkope/gebruiksreg van die boot hê (terwyl Baas niks geld meer oor het nie). ✓ | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 9.7.2 | Die sendelinge besluit om dan ook weg te gaan./<br>Daar gaan weer geen sendelinge vir die sendingstasie wees nie. ✓ | 1 |
| 9.8.1 | Onafhanklikheid/eiewysheid/hardkoppigheid/afsydigheid ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan die karaktereienskap omskryf.* | 2 |
| 9.8.2 | Baas skep die indruk dat hy sterk en onafhanklik is, maar in hierdie stadium is Baas nog swak van die malaria en kan hy juis nie dinge op sy eie doen nie./het Baas juis vir Grace nodig om hom met die basiese take te help as gevolg van die malaria. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.9 | Baas is besig om aan sy boot te werk./die boot se planke reg te maak. ✓ | 1 |
| 9.10 | Die worsboom is die plek waar die oupagrootjie 'n skooltjie begin het. ✓<br>Die worsboom is die plek waar die oupagrootjie kerk begin hou het. ✓ | 2 |
| 9.11 | Ja<br>Ouma Essie is die een wat vir Baas help om antwoorde ten opsigte van Christenskap/sy bootdroom te kry./<br>Ouma Essie is die een wat die konflik tussen Baas en die sendelinge ontlont./<br>Ouma Essie gee waardevolle inligting aan Baas oor Whitey./sy oupagrootjie./<br>Ouma Essie voorsien vir Baas en die sendelinge kos.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Ouma Essie se opvoeding van Grace sou genoegsaam gewees het dat Grace haar plek as Baas se versorger/gewete sou volstaan./'n yweraar om die sendingstasie te laat herleef, sou bly./<br>Onder Grace se leiding sou Baas baie moontlik sy doel op Manaka (kon) begryp./<br>Baas sou waarskynlik deur Grace sy eie konflik (kon) oplos. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir een punt elk aan.* | 2 |
| 9.12.1 | Terwyl Baas aanvanklik gedink het dat hy nie ander mense in sy lewe nodig het nie/dat hy alleen oor die weg kan kom, het hy besef/aanvaar dat sy lewe ryker/voller is deur interaksie met mense./groei hy. ✓<br>Waar Baas aanvanklik niks met Grace te make wou hê nie, aanvaar hy haar hulp omdat hy besef het dat hy nie sonder haar kan klaarkom nie./hulle verhouding groei./hy sê sy moet hom nie "meneer" noem nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde aan.*<br>*Die kandidaat moet na die verandering/ontwikkeling in Baas verwys.* | 1<br>1 |
| 9.12.2 | Baas het sy trauma/konflik met geloof verwerk.<br>Baas het toenemend bewus geraak van sy eie alleenheid (toe Nanna en Griesel bo by die kerk gaan bly).<br>Baas het sy ouers se dood verwerk. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir een punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kodes "S" (Sus Bet), "C" (Oom Chai) en "K" (Kenneth) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: (S) (C) (K)

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Sus Bet se goeie hart:** | | |
| **Sus Bet se omgee vir die wildvreemde bedelaar in Vatmaar se strate verander sy lewe.** | Sy gee vir hom, net nadat Stoffel Jones hom wegjaag, 'n vyfpond-noot – liefde en omgee wat hom emosioneel en verstom laat. | Bl. 80: *Sy vou die vyf pond so klein soos sy kan op en loop agter die man aan, ...*<br>Bl. 81: *Die man draai om en bly met oë vol trane staan.* |
| **Sus Bet se liefde en sorg vir Flip, haar man van 'n ander volk, gee vir hom 'n holte vir sy voet in Vatmaar.** | Sy was 'n Griekwa wat dié Basoetoe liefgekry en hom as haar man aanvaar en versorg het. Dit stel hom uiteindelik vry van diamantwerkery. | Bl. 82: *Liefde het hulle geken en gehad, maar om as medemense aanvaar te word, het hulle harte diep geraak.* |
| **Sus Bet versorg vir Ta Vuurmaak; dit maak dit vir Ta Vuurmaak moontlik om in vrede te sterf.** | Toe hy siek word/te oud is om dorp toe te gaan/reël Sus Bet dat hy nie snags alleen slaap nie/neem Sus Bet beheer van sy opdragte oor sy dood en tradisionele Griekwa-begrafnis. | Bl. 84: *Sus Bet het vir hom 'n karos gekoop by die mense wat hulle in Betsjoeanaland gemaak het en hy was baie gelukkig daaroor.*<br>Bl. 84: *Van die tyd af dat Ta Vuurmaak glad nie meer Vatmaar toe kon loop nie, het die kinders vir hom by sy cabin gaan kuier.*<br>Bl. 84: *Sy het altyd op Saterdae sy cabin aan die kant gaan maak en sy klere gewas.*<br>Bl.95: *Sus Bet het toe vir Oom Chai vertel hoe die graf gemaak moes word.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Sus Bet se omgee teenoor Broer dra daartoe by dat hy selfversorgend is nadat Ta Vuurmaak sterf.** | Sy leer hom, wat 'n totale vreemdeling in Vatmaar is, om bokmelkkaas en magou (van mieliemeel) te maak sodat hy homself kan versorg. | Bl. 85: *Sus Bet het gaasdoek gekoop en vir Broer gewys hoe om van die orige bokmelk maas te maak.*<br>Bl. 85: *Sus Bet het ook vir Broer geleer hoe om magou van mieliemeel te maak.* |
| **Oom Chai se goeie hart:** | | |
| **Oom Chai se omgee selfs vir iemand van die Boere, blyk uit sy optrede by die brand van die huise.** | Oom Chai gee die Cape-boys opdrag om vir die gestorwe Boere-ouma 'n graf te grawe. | Bl. 8*: Chai het toe vir ons boys gesê om die grawe en pikke te bring en 'n graf te grawe net langs die lyk.* |
| **Oom Chai se goeie hart blyk uit die feit dat hy vir Ruth, George Lewies se bruid, trouklere koop.** | Hy dring aan daarop dat niemand weet van sy bydrae tot die troue nie. | Bl. 18: *Ek het haar die geld gegee en gevra om nie vir George te sê nie. Sy kon maar vir Ruth vertel.* |
| **Na Ta Vuurmaak se dood voer hy die opdrag met betrekking tot die tradisionele Griekwa-grafgrawery uit.** | Sus Bet gee vir Chai die opdrag hoe hy dit moet doen; hy laat mense kom om hom te help. | Bl. 95: *Sus Bet het toe vir Oom Chai vertel hoe die graf gemaak moet word.* |
| **Oom Chai gee vir die gemeenskap se kinders om, deur te sorg dat hulle 'n skool kry.** | 'n Gekwalifiseerde onderwyseres word deur Oom Chai se toedoen aangestel. | Bl. 97: *Toe onse skool kom, het Oom Chai haar aanbevee*l. |
| **Oom Chai gee baie om vir die geesteslewe van die skoolkinders.** | Oom Chai leer self op Saterdae vir die kinders om die Onse Vader in Afrikaans te bid. | Bl. 100: *Ons het Saterdae net skool toe gegaan om die Onse Vader op te sê want, het Oom Chai gesê, dis in onse moedertaal.* |
| **Oom Chai se kinderloosheid noop hom om die Familiebybel na sy broer te neem.** | Dis vir Oom Chai belangrik dat die familietradisie deur sy broer se kinders voortgesit word. | Bl. 247: *Ek het besluit om Vrystaat toe te gaan en die familiebybel vir hom te vat, ...* |
| **Hy probeer sy broer, Steven, se reputasie beskerm wanneer hy met Bettie trou.** | Oom Chai laat toe dat sy familie hom ompraat om met Bettie te trou, want 'n ryk, ou man soos Oom Chai kan met so 'n daad sy broer se reputasie beskerm. | Bl. 272: *... Oom Chai het teruggekom Vatmaar toe met 'n pragtige meisie, Bettie, en 'n babaseun van agtien maande.*<br>Bl. 273: *... en na hulle hom 'n gat in die kop gepraat het, het hy ingestem om Bettie en die babaseun saam met hom terug te vat.* |
| **Oom Chai aanvaar die kind as sy eie wat sy goeie hart bewys.** | Oom Chai sien dat die kind van hom hou./Dat die kind hom aanvaar, is vir hom baie lekker. | *Bl. 273: Oom Chai het glo net die baba opgetel en die kind het van hom gehou, ...* |

| **Kenneth se goeie hart:** | | |
|---|---|---|
| **Kenneth help vir Kaaitjie en Suzan om hulle ma se situasie in die tronk makliker te maak.** | Hy en Suzan ry met die fiets tronk toe om vir haar kos te gaan afgee. | Bl. 153: *Ek het hier iets te ete – en hy wys die bruin papierkardoes – vir 'n mev. Wonnie Müller.* |
| **Kenneth inisieer die oprigting van 'n kliniek in Vatmaar sodat die mense versorg kan word.** | Nadat Kenneth vir Kaaitjie verloor omdat sy, by gebrek aan mediese sorg, dood is, besluit hy om iets aan die situasie te doen sodat Vatmaar se inwoners nie hoef te ly nie. | Bl. 296: *Wat ons in Vatmaar nodig het, sê hy, is 'n kliniek.*<br>Bl. 306: *Die burgermeester het die deur oopgesluit en die papier afgehaal wat oor die naambord KLINIEK KATRINA geplak was.* |
| **Kenneth skryf 'n brief namens Boitjie, wat sy goeie hart bewys.** | Hy weet dat Boitjie nie in staat is om te skryf nie – hy help dus vir Boitjie om grond te bekom vir 'n sokkerveld. | Bl. 303: *Ek sal 'n brief aan die dorpsraad opstel, maar dan moet jy dit oorskryf en onderteken ...* |
| **Kenneth se omgee vir die jongmense in Vatmaar blyk uit sy betrokkenheid by die sokkerspan.** | Hy skenk die kalk en die doelpale vir die nuwe sokkerveld; hy besef dat die sokkerveld Vatmaar-inwoners se lewe sal verbeter. | Bl. 302: *Kenny glimlag en tel een-pond-dertien-en-ses uit sy wallet af. Goed, nou het jy twee pond.*<br>Bl. 303: *Ek sal die pale gee, en 'n sak kalk om die lyne mee te merk.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Oom Chai het die Familiebybel na sy broer in die Vrystaat geneem. ✓ | 1 |
| 11.2. | Oom Chai het besef dat hy nie by haar jeug kon byhou nie./dat hy sy aansien in die gemeenskap verloor het./<br>Bettie was meer in die jongmense geïnteresseerd. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.3 | Daar is 'n tollie en twee skape geslag./<br>Daar is roosterkoek gemaak./<br>Daar is genoeg gemmerbier./<br>Daar is ook genoeg khadie.✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 11.4.1 | Hy laat die kinders op Saterdae die Onse Vader in Afrikaans opsê./maak die kinders bewus daarvan dat Afrikaans Vatmaar se taal is./<br>Hy sorg vir 'n Afrikaanse kerk. ✓ | 1 |
| 11.4.2 | Ja<br>Hy sorg dat die kinders van Vatmaar 'n gekwalifiseerde onderwyser het./leer skryf./<br>Hy reël dat die kinders in die kerk skool gaan./<br>Hy kry 'n swartbord en kryt by die ander skool. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 11.5.1 | Liefde oor grense ✓<br><br>Vatmaar/Hulle mag vat wat hulle nodig het. ✓<br>Deel met jou broer wat behoefte het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 11.5.2 | Ja<br>Oom Chai vat vir Bettie uit die Vrystaat sodat Oom Steven se familie hulle goeie naam kan behou.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hy trou nie met haar om die regte redes/as gevolg van liefde nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.6 | Oom Chai het 'n werk./is 'n handlanger vir 'n landmeter./<br>Oom Chai kry 'n oorlogspensioen./<br>Oom Chai het tydens die oorlog gevat wat hy kon gebruik. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.7 | Die mense/Vatmaar-inwoners skinder dat Oom Chai sy moestas se punte ter wille van Job afsny. ✓ | 1 |
| 11.8 | Die leser kom agter dat Oom Chai jaloers is./raak antagonisties teenoor Oom Chai./lag vir sy verspotte gedrag./kry Oom Chai jammer. ✓ | 1 |
| 11.9 | 'n Mens sou verwag dat Bettie gelukkig sou wees onder die goedgemanierde behandeling/sou verkies om soos 'n dame behandel te word, maar sy verkies om soos 'n gewone mens deur Boitjie behandel te word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.10 | Innerlike konflik: Oom Chai weet eintlik dat hy Bettie nie gelukkig kan maak nie, maar is jaloers/besitlik op haar./is jaloers op Boitjie./die ander jongmanne van Vatmaar. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Uiterlike konflik*:* Oom Chai het Boitjie uit sy huis weggejaag./op Boitjie geskree toe hy hom in die huis vind, want Oom Chai wil nie hê Boitjie moet by Bettie kuier nie. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.11 | Ja<br>Hy sou nie by Bettie probeer byhou het nie./<br>Hy sou nie die jongmanne in sy huis moes duld nie./<br>Hy sou sy eie manier van lewe/huisreëls kon vestig./vir Bettie by sy manier van lewe kon laat aanpas.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Bettie sou in elk geval die jongmanne se attensies geniet/getrek het./<br>Oom Chai sou in elk geval gesterf het./<br>Die ouderdomsverskil tussen Oom Chai en Bettie sou in elk geval sy tol geëis het. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.12.1 | Oom Chai moes Bettie by sy outydse manier van lewe laat inval het./<br>Oom Chai moes nie soos 'n jong man van haar ouderdom probeer lewe het nie./<br>Oom Chai kon Bettie nie verander nie, want sy het klaar 'n ander belangstelling gehad. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.12.2 | Bettie het die vriende ontuis laat voel./<br>In Bettie se geselskap het hulle nie geweet wat om met haar te praat nie./<br>As gevolg van haar teenwoordigheid het hulle nie meer vir Oom Chai kom kuier nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[25]** |

## *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

### VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kode "G" (Greg) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat: (G)

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die onderwêreld van die waterafvoerpype het 'n letterlike betekenis wat op die vuil, stinkende water-tonnels onder die skool dui.** | Die Trappers word in die letterlike tonnels laat sak as deel van hul inlywingsritueel waar dit die hoofseun/Greg se plig is om leiding te neem. | Bl. 68: *Jy word in die donker tonnels losgelaat, ...* |
| | Greg verbreek die tradisie as hy Eckardt nie in die mangat laat sak nie, maar uittrek. | Bl. 53: *... 'n nuweling. Hierdie ou soek moeilikheid ... die uitdruk-king in sy oë. ... net soos John. "Nee! Los hom net!"*<br>Bl. 63: *Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte. Maar ek gee nie om nie. Ek moes ...* |
| | Greg verken self die tonnels/ onderwêreld as hy die Trap-pers gaan soek. | Bl. 69: *Ek sak in die donker weg, my armspiere dra my liggaamsgewig maklik.* |
| | Figuurlik dui die watertonnels op dit wat vir die publiek/ kinders weggesteek word. | Bl. 65: *Ek wil nie hê julle moet met die ander leerders hieroor praat nie, hoor julle vir my?*<br>Bl. 75: *Ons hou hierdie ding eers tussen ons.* |
| **Greg gee die onderwêreld van opstand teen gesag/ verbreking van reëls/mis-daad 'n houvas op hom.** | Hy oortree die skoolreëls as hy 'n bier by Eckardt aanvaar. | Bl. 71: *Ek weet ek is ver-onderstel om so iets te rappor-teer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie altyd net veilig op die teerpad bly nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg breek by die netwerk-kamer in./kom in die versoe-king om sy eie wiskundepunt te verander. | Bl. 113: *"Ek het lus om sy hand weg te stamp van die laptop en die punt te verander."* |
| | Hy vervals sy skoolrapport. | Bl. 178: *Ek kon dit wegsteek vir my pa met 'n vervalste April-rapport.* |
| **Greg word by die onderwêreld van klubs, dwelms, seks en jaloesie/wantroue betrek.** | Hy gaan saam met Nicole uit na 'n nuwe nagklub met die naam: Secrets and Lies. | Bl. 120: *Stomende musiek. Flik-kerende lywe en gesigte. Die girls sluk almal e.* |
| | Hy word verblind deur sy jaloesie oor Nicole./Hy wan-trou Eckardt se bedoelings en opregtheid. | Bl. 148: *Hy het net 'n slaap-broek aan ... "Wat de hel dink jy doen jy?"*<br>Bl. 149: *"Eckardt, ek is nie flip-pen blind nie. Ek sien hoe kyk sy vir jou."* |
| **Greg betree die onderwêreld as hy in opstand teen gesag/ gesagstrukture kom.** | Greg weier om rugby te speel, want Dok doen niks aan Eckardt se verdwyning nie. | Bl. 76: *"En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."* |
| | Hy beloof wraak teenoor Dok as sy pa hom dwing om hom om verskoning te vra. | Bl. 126: *Ek gaan vir Dok terug-kry. Ek gaan uitvind wat hy gedoen het.* |
| | Hy ondermyn sy ouers se ge-sag as hy lieg oor sy akade-miese prestasies. | Bl. 165: *"Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ont-spoor ...* |
| | Hy ondermyn die skool se gesag as hy sy hoofseunplig-te/skoolwerk afskeep, wan-neer hy hom verdiep in die onderwêreld van kuber-krakery. | Bl. 99: *"En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets."*<br>Bl. 103: *Ek draai terug na Kwanele. "Sal jy vir my kerk-diensbeurt instaan?"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg verken die onderwêreld van kuberkrakery.** | Eckardt betrek Greg by die onderwêreld./by "Cyber-space se onderwêreld". | Bl. 78: *Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoen-dervleis kry.*<br>Bl. 193: *Ons hackinglesse gaan voort. Eckardt dril my nou be-hoorlik.*<br>Bl. 193: *Daardie tye wanneer ek deur 'n firewall breek, is awe-some.*<br>Bl. 155: *Nee! skree die stem uit die onderwêreld. Nog nie ge-noeg nie. Wat het hy nóg op sy rekenaar?*<br>Bl. 155: *Nee, keer die onder-wêreld se stem in my agterkop.* |
| | Greg word die grootste slag-offer van sosiale mani-pulasie. | Bl. 212: "*Dis reg ja. Die grootste social engineering attack wat jy in jou lewe sal teëkom. En jy was die victim!"* |
| **Greg kom in aanraking met die onderwêreld van misdaad./ korrupsie.** | Greg kom agter dat sy pa en die skoolhoof/Dok Pienaar kop in een mus is wat betref die griepvirus/-medikasie./sy pa asook die skoolhoof 'n ander instansie/persoon om-koopgeld betaal het/by die moord/verdwyning van 'n regter betrokke is. | Bl. 190: *In Dok se emails was daar mos iets wat gepraat het van omkoopgeld wat aan iemand gegee is by hierdie maatskappy. So die goedkeuring vir hierdie brousel sodat dit die mark ingestuur kan word, het gekom teen 'n prys.*<br>Bl. 215: *"Jy weet nou dat Dok Pienaar die Butcher is, Greg."*<br>Bl 215*: "... Maar die Candlestick-maker, Greg, vir hom ken jy goed ... "* |
| | Hy besef dat die boosheid/geld meer skade as enige kuberkraker kan berokken. | Bl. 191: *Die wêreld van geld is boser as enigiets wat 'n hacker sal kan aanvang.* |
| **Greg kom in aanraking met die dood./sukkel met die onder-wêreld van sy onverwerkte emosies./In die mitologie ver-wys "onderwêreld" na die ryk van die dooies.** | Greg sit in sy matriekjaar met onverwerkte emosies omdat sy broer, John, selfdood gepleeg het./Hy sukkel om John se dood te verwerk. | Bl. 66: *En toe gaan doen hy 'n stupid, stupid ding ... Ambulans-deure wat stadig oopgemaak word by die hospitaal ... Verby.*<br>*Bl. 66: Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg voel John het hom teleurgestel omdat hy dit nie met hom bespreek het nie. | *Bl. 66: Ek dink hy was op 'n manier my hero, maar ook my beste buddy. Ek sou enigiets vir hom doen. Maar John het niks van my gevra nie. Ek het gedink dit was omdat hy alles gehad het wat hy nodig het. Maar ek was verkeerd.* |
| | Greg het 'n vrees vir die dood./is bang Nicole/Eckardt pleeg selfdood. | *Bl. 66: En nou is daar die rumours. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos 'n goor fliek wat jy alreeds gesien het.*<br>*Bl. 159: Nicole huil. Voor sy die foon dooddruk, laat ek haar belowe dat sy niks onverant-woordeliks gaan aanvang nie.* |
| | As gevolg van hierdie onver-werkte emosies is hy fyn inge-stel op sy ma se optrede./ emosies./lyding. | Bl. 205: *Hoe jammer kry ek haar nie, om staande te probeer bly ... Sy het haar oudste seun verloor, maar sy bly op haar voete. Sy hou haar ken hoog as sy tussen mense kom.* |
| **Greg besef die onderwêreld van geld is die regte onder-wêreld.** | Dit blyk dat sy VRL-lidmaatskap gekoop is./sy verkiesing as hoofseun 'n saketransaksie is. | Bl. 58: *"En daai badge wat jy op jou bors vassteek is die kwitansie wat jy die hele blerrie jaar gaan dra."* |
| | Greg se liefde/getrouheid word deur sy pa en ma met geld gekoop. | Bl. 152: *My pa het nog geld op my kredietkaart gelaai.*<br>Bl. 206: *"Het jy geld by jou, Greg?" vra my ma ná 'n ruk toe ek net bly staan en na hulle kyk. Ek antwoord nie. "Ag, vat sommer," sê sy en haal 'n paar note uit haar handsak. Ek steek my hand uit, al het ek dit nie nodig nie. Daar is nog geld in my sak. Haar vingers vou om myne. Sag maar koud. "Dankie, Ma." Geld in ruil vir 'n on-uitgesproke versoek dat ek net sal bly leef.* |
| | Greg sê dat geld wat eintlik hul gesin moes maak, hul huisgesin se ondergang beteken. | Bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaar skeur.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg sê hulle sal hulle sakeryke bou met die geld wat hulle pappies in die verlede geërf, verdien of gesteel het. | Bl. 173: *"Ek dink ek moet eendag vir my 'n huis hier bo kom bou. Sommer met my pa se geld."* |
| **Greg word niksvermoedend betrek by die onderwêreld van die Griekse mitologie.** | Eckardt maak Greg elke oggend wakker met 'n verwysing na die mitologiese heerser Zeus (Greg se pa) en sy seun Herakles (Greg) met die sinspeling daarop dat Herakles se skip strand. | Bl. 207: *"Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip weer vandag op Kos."* |
| **Greg staan magteloos teenoor die onderwêreld.** | Greg besef die onderwêreld strek so ver dat dit onbeheerbaar is. | Bl. 198: *'n Ruk lank sit ek weer alleen in die kamer. Vasgevang tussen die bo- en onderwêrelde.*<br>Bl. 196: *"Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou 'n graaf in die hand en moet jy dieper grawe. "*<br>Bl. 197: *Waar eindig die onderwêreld?* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1.1 | Greg se betrokkenheid by kuberkrakery/hacking./<br>Greg se fanatiese soeke na leidrade om Eckardt se verdwyning op te los.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.1.2 | Ja<br>Greg het vir Eckardt gevra om hom te leer hack./<br>Greg het gekies om eerder te hack as om sy skoolwerk te doen./<br>Greg kon van die begin af oop kaarte met die polisie gespeel het./nie self die saak probeer oplos het nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Greg is van die begin af deur Eckardt gemanipuleer (sodat hy nie werklik 'n keuse gehad het nie). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.1.3 | Greg se pa gaan die skande beleef van 'n seun wat matriek druip./nie nege onderskeidings kry nie./geskors kan word./sy hoofseunskap verloor./<br>Greg se pa se eie misdadige optrede kan aan die kaak gestel word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.2.1 | Die Trappers se oriëntering vind in die stormwaterpype/waterafvoerpype plaas. ✓ | 1 |
| 13.2.2 | Eckardt het die skoolgrond deur die stormwaterpype/afvoerpype verlaat. ✓ | 1 |
| 13.3 | Kwanele dra by tot Greg se innerlike konflik./skuldgevoel./frustrasie./irritasie./<br>Kwanele bied sy ondersteuning aan Greg ingeval Greg 'n probleem het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.4 | Eerlikheid/<br>Lojaliteit/<br>Doelgerigtheid/<br>Opregtheid/integriteit/<br>Betroubaarheid/<br>Empatie/<br>Ondersteuning ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan die karaktereienskap omskryf.* | 3 |
| 13.5.1 | Greg se ma hoop dat hy nie ook onder druk sal swig/selfdood sal pleeg nie./gelukkig sal wees. ✓<br>Greg se pa hoop dat hy onderskeidings sal behaal./'n skouperd sal wees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.5.2 | Greg se ma het reeds 'n kind verloor wat onder prestasiedruk geswig het, daarom wil sy hom nie verloor nie./onder druk laat swig nie./<br>Greg se ma fokus net op hom./haar hele lewe draai om Greg se geluk omdat sy niks anders het om te doen nie./<br>Greg se ma gee vir hom geld om sy geluk/liefde/welsyn te verseker. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.6 | Greg sê vir sy ma dat Eckardt 'n hacker is./<br>Greg sê vir sy ma dat Eckardt hom geleer het hoe om te hack./dat hy ook 'n hacker is./<br>Greg sê dat die polisie sy laptop/skootrekenaar gekonfiskeer het./<br>Greg vermoed dat die polisie dink hy het iets met Eckardt se verdwyning te doen. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 13.7 | Ja<br>Dok sou (deur Greg se pa) gewaarsku kon word./kon ontsnap./<br>Greg se pa sou kon ontsnap. ✓<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Greg het sy ma herhaaldelik laat belowe om niks wat hy sê oor te vertel nie./<br>Dit is nie eie aan Greg se ma se karakter om haar sê te sê nie./<br>Dok Pienaar/Greg se pa se wandade sou in alle geval deur die polisie-ondersoek blootgelê word.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.8 | Die gastehuis/in Clarens ✓ | 1 |
| 13.9.1 | Ja<br>Hy veralgemeen na aanleiding van sy eie ervarings./<br>Nie alle mense/maatskappye is korrup nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Greg se ervarings/ontnugtering oor hoe mense in beheer hul mag misbruik, laat hom so reageer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.9.2 | Korrupsie/onderwêreld van geld ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.10 | Turret Media/Greg se pa se mediamaatskappy/<br>PlusUltraMed/Dok Pienaar se farmaseutiese maatskappy/Die maatskappy wat die griepvirus versprei/<br>Die vorige maatskappy van Greg se pa/Dok Pienaar waar hulle van binnehandel aangekla is. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.11 | Ja<br>Juis omdat sake nie meer in Greg se hande is nie/in die polisie se hande is, kan hy niks doen om sy pa te beskerm nie./word sy pa ook uitgelewer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 13.12.1 | Dok Pienaar is betrokke by die griepvirus./-medisyne. ✓ | 1 |
| 13.12.2 | Ja<br>Die skoolleuse ("Lux hominum vita"/"Lig is die lewe vir die mensdom") praat van lig wat lewe bring; die waarheid met betrekking tot die griepvirus sal bydra daartoe dat meer mense leef.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dok Pienaar leef nie die skoolleuse uit nie, want hy versprei 'n griepvirus./is geldgierig./magsbehep./korrup. ✓ | 1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Hierdie antwoord kan ook anders aangebied word: die kandidaat kan eers op die karakter se siening en dan op die optrede fokus.
- Die kode "C" (Cavernelis), "M" (Map) en "W" (Willy) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat:

  (C) (M) (W)

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Mister Cavernelis:** | | |
| **Mister Cavernelis probeer om ekstra geld te maak om na 'n beter woonbuurt te verhuis.** | Mister Cavernelis wil nie die armoede/uitsigloosheid van die township aanvaar nie – hy doen ekstra werk/twee werke om sy inkomste aan te vul. | Bl. 4: *... waar hy die "suitcase" met die "soft goods" agter op die fiets vasmaak. Hy maak die fiets van die tralies af los, en stoot dit half, dra dit half met die trap af na onder, waar hy dit bestyg en in die straat op wegry.* |
| **Mister Cavernelis en sy gesin leef in 'n onveilige woonbuurt wat noodsaak dat hulle agter slot en grendel leef.** | Hy ketting sy fiets vas – hy is nie agtelosig nie, want hy kan nie 'n ander fiets koop as dit gesteel word nie. | Bl. 1: *Hy sluit die fiets en ketting dit aan die traliewerk vas.* |
| **Mister Cavernelis laat selfs sy kind harder werk in 'n poging om vinniger te verhuis na 'n ander, waardiger woonbuurt.** | Hy laat o.a. Blanchie by 'n gesellinklub werk om vinniger geld te maak om uit die township te kom./Hy is so desperaat dat hy selfs sy kind uitlewer aan prostitusie. | Bl. 6: *Wêk toe! Sê'k nie! Lonely Hearts! Massage parlour! Fancy names!*<br>Bl. 18: *Sy allow haar om geuse te word deur daai dêrra van haar, ou haitie-taitie van 'n Cavernelis ... Om geld te maak, geld, geld, geld ...*<br>Bl. 55: *Ek het maar net my beste ... geprobeer ... al die jare ... vir julle ... ek meen, vir 'n ordentlike plek van ons eie ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Mister Cavernelis sien neer op leeglêers soos Cyril, Richie en Tommy wat hom moveer/treiter; hy vermy hulle meestal/probeer om nie met hulle praat nie./hulle te ignoreer.** | Hy vra hulle om uit sy pad te bly./hy soebat hulle om sy gesin uit te los. | Bl. 3: *Ons sake is nie hulle besigheid nie ... Blanchie se sake, dit het niks met hulle te make nie! Dis hoekom ek vir jou sê ons moet uit hier ...*<br>Bl. 20: *Maar gee tog pad, asseblief ...*<br>Bl. 20: *Ons meng met niemand in nie. Ons gaan net ons eie gang, so asseblief, ...* |
| **Mister Cavernelis besef hy kan die township nie ontsnap nie (nadat Blanchie en die gesin se droom van die modelkontrak verdwyn) en pleeg selfdood.** | Hy verlaat die huis toe Blanchie hom beskuldig van alles wat verkeerd loop wanneer sy nie die modelkontrak kry nie. | Bl. 55: *(Hy kyk na hulle. Hulpeloos. Dan verlaat hy die vertrek, stadig – 'n man wat platgeslaan is.)* |
| | Mister Cavernelis ry met sy fiets voor die aankomende trein in. | Bl. 61: *... Maar ... O my God ... missies C ... ek skreeu vir hom mister C!! ... mister C!! ... en toe .... en toe ... Die trein ... die bicycle ... Mister C ... ek het niks gekan doen nie!!* |
| **Map:** | | |
| **Map soek reeds as 'n skoolkind 'n goeie werk.** | Omdat hy sy ma se enigste hoop op 'n beter lewe is, soek hy 'n goeie werk wat hulle gesin se lewe kan verbeter. | Bl. 31: *Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar, well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...* |
| **Map (as gevolg van sy desperate soeke na menswaardigheid) besluit om by bendes aan te sluit.** | Map word 'n bendelid, want hy kry (binne die politieke bestel) nie 'n ordentlike werk nie. | Bl.: 31: *... toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente ...* |
| **Map soek na alternatiewe by die besef van sy identiteitloosheid, gebrek aan erkenning en armoede.** | In sy soeke na identiteit word hy leier van drie bendes./Map laat al drie bendes se kentekens op hom tatoeëer. | Bl. 32: *'it was drie gangs. Ek was elkeen se leader ...*<br>Bl. 32: *Sien die tatoos, elke gang se merke ... (Wys) Die kaal vrou ... die kitaar ... hierso die vure van die hel ...*<br>Bl. 31: *... 'Cause ek wil somewhere ge-belong het?* |
| **Vanweë 'n gebrek aan werk/geld soek hy en sy bende na geld om te oorleef./raak die bendes se optrede al gewelddadiger.** | Map en sy bendelede beroof vrouens op soek na geld. | Bl. 32: *... Maar ek sê vir julle ons was daar vir geld, nét vir geld, ...* |
| | Map pleeg moord deur Ivan Philander dood te steek. | Bl. 34: *En toe sien ek oek 'it was vir Ivan Philander wat ek doodgestiek het ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Map aanvaar verantwoordelikheid vir die moord op Ivan Philander soos 'n man.** | Map gaan gee homself aan die polisie oor./Map aanvaar die vonnis omdat hy skuldig is. | Bl. 35: *Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, ...* |
| **In die tronk kom Map tot die insig dat jou omstandighede jou nie definieer nie, daarom laat hy hom bekeer; in die proses verbeter hy sy eie menswees, maar nie sy omstandighede nie.** | Hy werk saam met Apostel George en miss Africa om vir hom 'n beter toekoms te verseker./hy word bekeer en bely sy sonde. | Bl. 33*: O God, vergewe my!*<br>Bl. 35*: (Sag): So God vergewe my ... en Ma ... en Blanchie ...* |
| **Hy doen aansoek by verskeie plekke om poste nadat hy op parool vrygelaat word.** | Map kry steeds nie werk nie, ervaar steeds die gevolge van armoede/uitsigloosheid én boonop tel sy tronkrekord teen hom. | Bl. 44: *... Apostel George, ek wiet jy't my ge-warn lat dit so sal wees.* |
| **Op parool, terug by sy ma se huis, lei hy 'n nuwe/voorbeeldige lewe sonder enige geweld./Dis duidelik dat hy sy humeur beteuel./'n wag voor sy mond plaas./uiteindelik vir Blanchie vergewe.** | Map laat hom nie deur Tommy met sy praatjies uitlok nie./gaan nie terug na die bendes toe nie. | Bl. 41: *Map staar ... Map stil. Tommy praat voort.*<br>Bl. 39 en 40: *Tommy haal 'n pakkie sigarette tevoorskyn, bied vir Map aan, maar Map skud sy kop – "Nee".* |
| | Map vergewe Blanchie./raak met Blanchie versoen. | Bl. 46: *Ek mind nie wat Blanchie gedoen het mean-while nie, ek mind van niks, ...* |
| **Willy:** | | |
| **Ten spyte van al Willy la Guma se kritiek oor die township, praat hy net.** | Hy doen niks aan sy omstandighede om uit die township te ontsnap nie./lewer permanent kommentaar oor die township./bespreek ander mense se doen en late. | Bl. 50: *'n Sterk tronk, sê ek ...*<br>*Bl. 50: Kamma yt die tronk yt. Na dit toe. (Hy wys, bars dan uit van die lag.)*<br>Bl. 49: *Of even triplicate ... Die bureaucratic swine!* |
| | Willy treiter/irriteer mense met sy politieke praatjies. | Bl. 57: *TOMMY: (selfs hy vererg hom): Man, mind jou eie biesagheid!* |
| | Willy bly draf/oefen en tou-spring. | Bl. 48: *... fitness is a ... way of living ...* |
| | Willy sê vir Cavernelis dat hy nooit uit die township sal kan ontsnap nie – hy bevind hom ook steeds in die township. | Bl. 50: *Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk, die tralies!* |
| | Willy weet apartheid het die mense se verlede/geskiedenis vernietig – steeds doen hy niks daaraan nie. Hy sê wel hulle moet oor begin, maar stel nooit 'n daadwerklike voorbeeld met kragdadige optrede nie. | Bl. 52: *En dan, wanner 'n man se history ge-destroy is, ...* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Map/Johnnie (Jacobs) ✓ | 1 |
| 15.2 | Die suggestie word geskep dat daar teen Kersfees mooi/lekker/opwindende/vrolike dinge in die township gaan plaasvind./<br>Dit gee vir die gehoor/leser agtergrondkennis van die tyd waarteen die drama afspeel./<br>Dit skep spanning wanneer dit bekend word dat Map ook "Krismis" gaan vry wees./<br>Kersfees is 'n aanduiding van die agtergrond waarteen die drama afspeel. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.3.1 | Ja<br>Dit hef die idee van "verlossing"/"bevryding" uit./<br>Dit dra daartoe by dat die leser/kyker verwag dat die orkeslede maklik sal kan vergewe./bevry./verlos./dat die drama verlossing/bevryding as tema het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 15.3.2 | 'n Mens verwag dat die orkes(-lede) wat so 'n naam het, tot Map se bevryding/verlossing sal bydra/vir Map sal vergewe; maar hulle weier om hom 'n tweede kans in die orkes te gee./Map weer as saxofoonspeler aan te stel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Albei kante van die ironie moet vir EEN punt gegee word.* | 1 |
| 15.4.1 | Toneelaanwysings/neweteks ✓ | 1 |
| 15.4.2 | Die neweteks gee leiding aan die regisseur oor hoe die orkes op die verhoog moet optree./<br>Dis belangrike inligting vir Blanchie, want dit dui aan wanneer sy op die verhoog moet verskyn./wat sy op die verhoog moet doen./<br>Dat die lig moet verander, is belangrike inligting vir die tegniese span wat met behulp van die lig op Blanchie moet fokus./om aan te dui dat die karakters op die verhoog wissel./<br>Die orkeslede/mense wat in die straat is, kry inligting van wat van hulle op die verhoog verwag word. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.5 | Maud kyk van "bo" af op die straat/"onder"-toe neer./<br>Blanchie antwoord nie die kerrimspelers nie./is traag om te groet. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6 | Ja<br>(Sy sarkasme/uitgesprokenheid sluit aan by) sy venynige geaardheid./<br>Hy is vals (omdat hy self 'n ogie op Blanchie het)./<br>Cyril lok mense graag tot konfrontasie uit (soos waarmee hy hier besig is). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 15.7 | Teks I gee die agtergrond oor Map Jacobs se vrylating/die orkes se oefening (wat nodig is om die drama beter te verstaan)./<br>Die toneel gee die gehoor inligting en agtergrond oor waar Blanchie werk en wat sy doen./<br>Dit lig ook die gehoor in, oor hoe die Cavernelisse voel oor die res van die gemeenskap. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.8 | **Armoede**/Cavernelis is arm./moet baie hard werk om 'n bestaan te maak./wil beter omstandighede vir sy gesin hê./<br>**Administratiewe rompslomp/**Cavernelis noem vir La Guma dat die moeilik is om iets aan jou huis te verander./<br>**Ledigheid/**Leeglêers pla Cavernelis en ander mense./<br>**Misdaad/**Cavernelis sluit alles toe uit vrees vir misdaad./<br>**Vasgevangenheid (in 'n hooplose bestaan)/**In dié township is daar nie vir Cavernelis hoop op iets beters nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.9.1 | Blanchie se verhouding met haar pa ly skipbreuk./besef dat hy haar misbruik het in sy poging om weg te kom./<br>'n Rusie ontstaan./Sy beskuldig hom vir die feit dat sy nie in Parys gaan modelwerk doen nie./<br>Haar histeriese uitbarsting dat alles sy skuld is, lei tot sy (self-)dood. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.9.2 | Hy kan nie meer staatmaak op Blanchie se geldelike bydrae (om weg te trek/vir ‘n beter huis) nie./<br>Aangesien hy dood is,/selfdood pleeg (omdat hy ontnugter is), kan hy nie wegtrek nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.10.1 | Die mens het 'n behoefte daaraan om 'n identiteit te kry./te behoort./erkenning te kry. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.10.2 | Map se tatoeëermerke is 'n aanduiding van sy soeke na identiteit./aanvaarding./erkenning. ✓<br>Die verwesenliking van Blanchie se droom om Parys toe te gaan sou beteken dat sy erkenning/'n nuwe identiteit buite die township sou kry. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.11.1 | Ja<br>Sy wil hom tot werklikheid skok sodat hy besef hy kan nie die omstandighede ontsnap nie./<br>Sy soek 'n uitlaatklep vir haar eie frustrasie./ontnugtering./teleurstelling./<br>Maud is wreed teenoor Cavernelis, omdat hy toelaat dat Blanchie by prostitusie betrokke raak./<br>Haar optrede/woorde beklemtoon die milieu/omstandighede waarin hulle vasgevang is./waaruit hulle nie kan ontsnap nie.<br>**OF**<br>Nee<br>Sy is net so skuldig soos hy omdat sy hom nooit teëgegaan het nie./<br>Dis onaanvaarbaar om haar frustrasie/ontnugtering op haar man uit te haal./<br>Hy het darem iets probeer doen om van die omstandighede te ontsnap, terwyl sy niks ekstra gedoen het nie. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.11.2 | Maud verloor haar man./<br>Sy moet sonder Cavernelis se inkomste leef./<br>Sy bly alleen in die township agter waar die leeglêers haar/Blanchie tart./<br>Sy ontsnap nie van haar haglike omstandighede nie. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.12 | Omdat Blanchie by Lonely Hearts gewerk het, voel sy sondig/vuil/sleg en daarom kan sy vir Map (vir die moord op Ivan Philander) vergewe (wat hulle versoening moontlik maak). ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

## LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kode "M" (Miem), "Me" (Meisie) en "G" (Gertie) word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat:

  (M) (Me) (G)

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Miem en die sirkus** | | |
| **Miem (wat die sirkus met die bose assosieer) veroordeel dit summier.** | Volgens Miem is die sirkus 'n euwel./iets boos wat Meisie se siel negatief sal beïnvloed. | Bl. 7: *Dis 'n euwel!!*<br>Bl. 9: *MIEM: (snork. Kopbeweging na die deur) Klinkende simbale*!<br>Bl. 13: *Hoe afskuwelik!* |
| | Miem lewer negatiewe kommentaar as die sirkusmusiek hoorbaar is./Sy verbied selfs vir Gertie om deur die venster te loer./Meisie mag nie eers oor musiek praat nie omdat "om te dink is om te doen". | Bl. 9: *MIEM: Die aaklige musiek maak my skoon naar.*<br>Bl. 42: *MIEM: (kwaai) Gertie, kom weg daar by die venster ...*<br>Bl. 28: *MEISIE: Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink is om te doen.* |
| **Miem is besonder toegewyd in haar bewaking van Meisie se sedes – daarom hou sy Meisie deurentyd dop.** | Miem verbied selfs vir Meisie/(selfs vir Gertie) om na die sirkusliggies te kyk. | Bl. 7: *Miem: (staan op. Kwaai) Liggies! Jy weet ek het jou verbied!*<br>Bl. 42: *MIEM: (kwaai) Gertie, kom weg daar by die venster ...* |
| **Miem probeer op 'n eng/konserwatiewe manier vir Meisie beskerm teen alles wat nuut/vreemd/opwindend/avontuurlik is.** | Sy berispe Meisie dus gedurig, (want sy is die selfaangestelde bewaker van haar kind se sedes.)/raas met haar./ontneem die kind van vryheid./identiteit./ontwikkeling. | Bl. 7: MIEM: *Het jy geen skaamte nie?*<br>*Bl. 9: MIEM: (snork. Kopbeweging na die deur) Klinkende simbale*! |

| | | |
|---|---|---|
| **Miem veroordeel mense wat 'n ander siening as sy oor die sirkus het./dink sy moet alle mense (Meisie, Gertie, Konstabel) bekeer om soos sy te dink en te glo.** | Miem probeer daarom nie net vir Meisie nie, maar ook vir Gertie en Konstabel manipuleer om soos sy oor die sirkus te dink./is onverbiddelik as sy die ander mense veroordeel. | Bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*<br>Bl. 11: *Al die arme sotte wat nie die gevaar besef nie. (snork) ...*<br>Bl. 19: *Die aaklige musiek. Dit hinder u seker ook, Konstabel.* |
| **Miem besef haar kind is ontevrede, maar verbied haar om die sirkus te besoek./speel deurentyd op haar gevoel oor haar vroeëre ongehoorsaamheid./manipuleer vir Meisie tot gehoorsaamheid.** | Miem toon nie begrip vir Meisie se nuuskierigheid nie./ agtervolg haar toe sy uitglip na die sirkus toe. | Bl. 29: *Sy het haar japon gedra en haar hare was nog ingedraai. Sy't die tuinhekke gehoor toe ek uitgaan ...*<br>Bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!* |
| **Omdat Miem die sirkus met die verdwyning van die vorige twee jaar se meisies assosieer, belowe sy om Meisie op te pas.** | Miem praat aanhoudend oor die sirkus wat in die dorp was toe die meisies die vorige kere verdwyn het. | Bl. 5: *Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak.*<br>Bl. 13: *Die sirkusgedoente was die vorige keer ook hier. Op dieselfde aand! Wie weet, miskien is hy een van hulle.* |
| **Meisie en die sirkus** | | |
| **Meisie smag na die vryheid/eksotiese/avontuurlike/opwinding van die sirkus: daarom gryp sy elke kansie aan om skelm tussen die gordyne deur te loer.** | Meisie mag nie deur die venster na die sirkusliggies kyk nie, maar sy gebruik elke geleentheid wat sy kan om daarna te kyk. | Bl. 28: *Meisie (besig om te loer. Opgewonde) Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!* |
| | Meisie praat met Konstabel oor die sirkus/haar verbode besoek aan die sirkus, alhoewel sy weet haar ma het haar verbied. | Bl. 28: *MEISIE: Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink is om te doen.*<br>Bl. 28: *MEISIE: Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die sirkus se polsende klank en kleur fassineer/betower Meisie wat al meer probeer uitvind oor die fratse./die sirkus./optog.** | Meisie glip uit na die sirkus./ geniet die towenaar in die sirkus se toertjies, alhoewel sy weet sy mag nie./vra vir Gertie nuuskierig uit oor die sirkus. | Bl. 29: *Ek sien die tent. Die groot tent en die liggies. Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose ...*<br>Bl. 29: *MEISIE: Hy haal die mantel af en maak die deksel oop. (Oorstelp van vreugde) Die meisie spring uit ...*<br>Bl. 11: *Meisie: (opgewonde) Is daar baie liggies en is die tent groot?"* |
| **Meisie is gaande oor die sirkusmusiek./luister daarom net wanneer sy kan skelm daar-na.** | Meisie smag om na die sirkusmusiek te luister, maar mag dit nie sê/wys nie./Sy is telkens wanneer sy die musiek hoor, verward, want sy wil dit so graag hoor, maar sy dink sy gaan gestraf word as sy daarna luister. | Bl. 28: *MEISIE: Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.*<br>Bl. 51: *MEISIE: (druk haar han-de oor haar ore) Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie.* |
| **Meisie laat toe dat die nar/ hanswors/towenaar van die sirkus haar verlei om saam met hom na buite te gaan om die sirkus en die musiek in vryheid te geniet.** | Meisie ervaar ten slotte die sirkusmusiek as bevrydend wanneer sy wegloop sirkus toe./Konstabel haar met 'n oop deur na vryheid nooi, terwyl die musiek haar verlei om te kom deelneem. | Bl. 29: *MEISIE ... (lig haar arms op en glimlag) ...*<br>Bl. 51: *Sy beweeg haar kop effens op maat van die musiek. Dan begin sy fyn danspassies uitvoer wat herinner aan dié van 'n marionet. Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger.* |
| **Gertie en die sirkus** | | |
| **Gertie gaan kyk sonder enige wroeging na die sirkusoptog.** | Gertie sien die sirkus as opwindend/bevryding en gaan besoek die sirkus. | Bl. 11: *Ek het gedink jy het gaan kyk uit blote nuuskierigheid. (Sug) Nou vertel ons van die arme skepsels.* |
| | Gertie besoek die sirkus om haar nuuskierigheid te bowe te kom. | Bl. 11: *In die kleiner tent langsaan. Jy moet betaal om in te gaan.* |
| | Gertie kyk graag na die sir-kusliggies. | Bl. 42: *MIEM: (kwaai) Gertie, kom weg daar by die venster ...* |
| **Gertie bevraagteken Miem se siening.** | Gertie glo nie dat daar 'n verband tussen die sirkus en die moordenaar/verkragter is nie. | Bl. 13: *Ag nee, Miem, dink jy so?* |

| | | |
|---|---|---|
| **Gertie is vals deur voor te gee dat sy Miem se gesindheid jeens die sirkus deel, terwyl sy nuuskierig is oor alles wat daar gebeur./graag die sirkus en die -optog bekyk.** | Gertie weet Miem veroordeel die sirkus, maar gaan kyk tog na die fratse./vind die fratse onvergeetlik. | Bl. 13: *GERTIE: (druk haar hand voor haar oë en sidder) Ek sal dit nooit vergeet nie.* |
| | Gertie geniet dit om te kyk na die perde en die halfgeklede vrouens, die narre en die dwergie wanneer sy die straat oorsteek. | Bl. 39: MIEM: *Die aaklige musiek! As ek net dink ... (gril) glo towenaars en halfkaal mense wat aan toue swaai.*<br>Bl. 39: *Daar was narre wat hard op vals trompette gespeel het en 'n klein dwergie met 'n wit gesig ...* |
| | Gertie lieg vir Miem oor haar ware redes om die sirkus te besoek. | Bl. 11: *... sodat ek my seëninge kan tel. Om ander se ongeluk te aanskou ... maak 'n mens so innig dankbaar.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Toneelaanwysings/Neweteks ✓ | 1 |
| 17.2.1 | Dit berei die leser/kyker voor op die rol/invloed van die sirkus./<br>Dit verleen onmiddellik 'n soort bonatuurlike/sprokiesagtige atmosfeer aan die gebeure./<br>Dit suggereer dat daar 'n sirkus in die nabyheid is./<br>Die musiek betrek die eksotiese buiteruimte/sirkus wat kontrasteer met die armoedige binneruimte. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.2.2 | Miem beskou dit as boos./'n euwel, terwyl dit Meisie bekoor./Meisie daarin geïnteresseerd is./van alles wat by die sirkus gebeur, hou./<br>Miem wil dit nie hoor nie/verbied Meisie om daarna te luister, terwyl Meisie daarna smag./wegloop om dit te beleef./telkens oortree deur na die sirkusliggies te kyk wat haar verlange daarna uitdruk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt* aan.<br>*Die kandidaat bied albei kante van die verskil vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.3 | Die neweteks/toneelaanwysings stel Miem en Meisie onmiddellik aan die gehoor/kyker/leser bekend./<br>Dit gee inligting oor die werk waarmee hulle besig is./<br>Die oopklap van die valdeur suggereer dat daar iemand bo hulle koppe/in die solder is./<br>Die stilte skep dadelik 'n soort afwagting./spanning./<br>Dit lei die verskillende verhaalelemente van "Mis" in. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.4.1 | Die (wêreld-) ekonomie wat (tydens die Depressie/1929/1930) in duie gestort het.<br>Die gesin is baie arm./het uitgeboer./moet hard werk om te oorleef./oorleef deur mis in die goiingsakke te verkoop./<br>Die huis het nie meer 'n broodwinner nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.4.2 | Omdat Meisie heeldag moet werk, is sy heimlik in opstand omdat haar ma haar geen vryheid gun nie./<br>Meisie word tot gehoorsaamheid gemanipuleer deur haar ma wat tot Meisie se ontevredenheid lei./smag Meisie na opwinding./vryheid./<br>Omdat die vaderfiguur afwesig is en Miem vir Meisie oorheers, raak Meisie opstandig./ongehoorsaam./ontevrede. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*<br>*Die antwoord verwys na Miem se bydrae en Meisie se reaksie.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.5.1 | 'n Mens/Jongmense wil nie beperk/voorgeskryf word nie./het 'n behoefte aan vryheid./bevryding./die geleentheid om sy/haar/hulle eie lewe te lei. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.5.2 | (Sy weier om die vingerhoed te gebruik, want) sy wil nie deur (die dra van) die vingerhoed ingeperk word nie. ✓<br>Sy wys verset teen inperking/gedwonge voorskrifte/gevangeneskap deur haar eie kop te volg./haar eie besluite te neem./Sy wys haar behoefte aan bevryding deur haar ma se opdragte te ignoreer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.6 | Gertie ✓ | 1 |
| 17.7 | Ja<br>In reël 13 dui Miem aan dat sy daarvan hou om Meisie tot gehoorsaamheid te manipuleer./haar verlekker in Meisie se seerkry./straf op ongehoorsaamheid. ✓<br>In reël 20 is Miem die gebiedende/bevelende ma wat opdragte gee./wat verwag dat Meisie alles moet doen. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 17.8 | Ja<br>Dit wys die negatiewe invloed wat haar ma se woorde op haar het./<br>Dit suggereer dat sy nie gelukkig is nie./deur haar ma oorheers word./uitgelewer is aan haar ma./<br>Dit motiveer haar latere opstand/smagting na vryheid. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 17.9 | Teks K gee inligting oor Miem en Meisie se verhouding/omstandighede/die nodige agtergrondinligting oor die karakters/milieu om die drama beter te verstaan. ✓ | 1 |
| 17.10.1 | Hy wil graag "sien" hoe sy/jong meisies lyk (aangesien hy blind is). ✓ | 1 |
| 17.10.2 | 'n Mens sou verwag dat Miem vir Meisie teen die vreemde man sal beskerm, maar met haar **woorde** (dat Meisie maar net skaam is) lewer sy Meisie aan Konstabel uit. ✓<br><br>Sy behoort Meisie teen die vreemde man te beskerm, maar hier **dwing** sy Meisie (met haar dreigende houding) om Konstabel se attensies toe te laat. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.11 | Ja<br>Dis of Meisie met die "kniel"-houding afstand doen van haar skaamte/afsy-digheid/vrees vir die Konstabel./<br>Deur voor hom te kniel, onderwerp sy haar aan Konstabel (Konstabel as biegvader) se mag./<br>Meisie se knielende houding is vooruitwysend na haar latere belydenis teenoor Konstabel oor haar behoefte aan bevryding./<br>Konstabel het reeds voorheen beheer oor Meisie begin kry nadat hy haar "Juffrou"/"Margareta Johanna" genoem het.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Omdat hy (kamma) blind is, kom hy hulpeloos voor./<br>Konstabel laat haar kniel net sodat hy makliker by haar gesig kan bykom./<br>Sy voer net haar ma se wense uit./sy is bang vir Miem. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.12 | Die feit dat Gabriël in die solder bly, veroorsaak dat:<br>Meisie makliker saam met Konstabel wegloop, omdat daar nie 'n pa is om haar te beskerm nie./<br>Meisie bevry wil word omdat sy as die enigste hulp vir haar ma so hard werk./<br>Meisie geen kennis van mans het nie, daarom vertrou sy Konstabel om haar te bevry./<br>Meisie uit die ongelooflike armoede bevry wil word./sosiaal afgestomp is./<br>Konstabel toelaat om haar vriend te word/van Miem se onderdrukking bevry wil word. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou